# Voorkoms van stres by die St 5-leerling

Johan Valentyn Louis Kurten
BA. B.Ed. T.H.O.D.

Skripsie ingedien ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad

Magister Educationis

in
Voorligting en Ortopedagogiek

in die
Fakulteit Opvoedkunde

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier : Dr. J.L. Marais

Januarie 1989.

DANKBETUIGINGS

Graag wens ek die volgende persone te dank vir hulp en bystand verleen aan my tydens my studie vir hierdie navorsing:

* Ons Hemelse Vader wat my toegerus het met die fisiese en verstandelike vermoëns om hierdie studie te voltooi.

* My vrou, Nannie en my twee dogters, Yolandi en Noeline wat my bygestaan, gemotiveer en onderskraag het. Baie dankie vir "julle" tyd wat ek kon gebruik.

* Dr. J. L. Marais, studieleier vir uitmuntende leiding gewaardeerde kommentaar en volgehoue aanmoediging.

* Mev. A. Oosthuizen van die Statistiese Konsultasiediens aan die Vaaldriehoek se tak van die PU vir CHO vir haar raad in verband met die statistiek en hulp met die verwerking van die gegewens deur die rekenaar.

* Mev. A. Kriel vir die tik en duplisering van die stresinventarisse.

* Mev. E. Naudé vir netjiese en keurige tikwerk.

* Mev. L. Duvenage vir haar hulp met die taalversorging.

* Die Transvaalse Onderwysdepartement vir die studiebeurs en toestemming om die navorsing in primêre skole in Transvaal te onderneem.

## ABSTRACT.

**THE OCCURENCE OF STRESS ON THE LEVEL OF STANDERD FIVE PUPILS.**

The aim of this investigation was, to determine the degree of stress occurence in Afrikaansspeaking primary schools on the level of standard five pupils in the Vaal Triangle.

Adolescence commences at the age of 13 or before, and concludes at the age of 19-22 years. This comprises the period in which the standerd five pupil finds himself. At the time of this pre-adolessent stage, changes take place which influence the physical, psychical, cognitive and social aspects of the child.

The term stress, the results and the manifestation there- of were dealt with by means of a literature study. It seems that stress forms an integral part of life. For some, stress serves as an incentive for success, for others it results in failure.

The main causes such as personality, psychological, environmental and schoolfactors are discussed. The manifestation takes place in the emotional psycho-social, physical and psychological context. The most common behaviour manifestations in the school situation are those of overplanning, hyperratiocination, striving to win, need of recognition, inability to relax, overinvolvement and time problems.

The empirical investigation comprised the development and completion of a stress inventory to obtain information about the eccurence of stress under standard five pupils.

Responses were henceforth analised, and it was determined, that situations at school like the writing of exams,

failure, a poor record of achievement, relationship with teachers, adaptation, homework assignments and learning problems usually resulted in causes for stress. Personal factors such as the unknown, personal looks, failures, loneliness and acceptance by fellow pupils are the cause of stress for many a child. The death of a loved one, inter-relationships between child and parent, illness in the family and financial troubles cause stress for the pre-adolescent.

A synopsis was done concerning the literature study as well as the empirical survey. This concluded that stress concerning the standard five pupil differs from person to person and from situation to situation. Certain recommendations were made, contributory to research and for further research, namely a guidance programme in schools involving teachers and parents. More attention should also be given to the change-over from standard five to standard six.

INHOUDSOPGAWE


Hoofstuk 1 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2

Inleiding, Probleemstelling en Program van Navorsing. . . 2

1.1 Inleiding. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2

1.2 Probleemstelling. . . . . . . . . . . . . . . . . 3

1.3 Die doel van die navorsing. . . . . . . . . . . . 5

1.4 Metode van ondersoek. . . . . . . . . . . . . . . 6

1.5 Verloop van die ondersoek. . . . . . . . . . . . 6

1.6 Samevatting. . . . . . . . . . . . . . . . . . . 7

Hoofstuk 2 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 8

Stres by die pre-adolessent (12 tot 14 jaar). . . . . . . 8

2.1 Inleiding. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 8

2.2 Wat is stres? . . . . . . . . . . . . . . . . . . 8

2.3 Oorsake van stres. . . . . . . . . . . . . . . . 10

2.3.1 Inleiding. . . . . . . . . . . . . . . . . . 10

2.3.2 PERSOONLIKHEIDSFAKTORE. . . . . . . . . . . . 10

2.3.2.1 Aanpassing by nuwe situasies. . . . . . . 10

2.3.2.2 Onvermoë om vriende te maak. . . . . . . 11

2.3.2.3 Selfkonsep. . . . . . . . . . . . . . . . 11

2.3.2.4 Selfidentiteit. . . . . . . . . . . . . . 12

2.3.2.5 Emosionele ontwikkeling. . . . . . . . . 12

2.3.2.6 Geslag. . . . . . . . . . . . . . . . . . 13

2.3.2.7 Intelligensie. . . . . . . . . . . . . . 13

2.3.2.8 Ouderdom. . . . . . . . . . . . . . . . . 14

2.3.2.9 Deursettingsvermoë. . . . . . . . . . . . 14

2.3.2.10 Belangstelling. . . . . . . . . . . . . 14

2.3.2.11 Tyd en ontspanning. . . . . . . . . . . 15

2.3.3 PSIGOLOGIESE FAKTORE. . . . . . . . . . . . . 15

2.3.3.1 Onsekerheid. . . . . . . . . . . . . . . 15

2.3.3.2 Dood. . . . . . . . . . . . . . . . . . . 16

2.3.3.3 Egskeiding. . . . . . . . . . . . . . . . 16

2.3.3.4 Die enkelouer. . . . . . . . . . . . . . 16

2.3.3.5 Gesinsfaktore. . . . . . . . . . . . . . 17

2.3.3.6 Verwerping. . . . . . . . . . . . . . . . 17

2.3.3.7 Waardes en norme. . . . . . . . . . . . . 18

2.3.3.8 Godsdiens. . . . . . . . . . . . . . . . 18
2.3.4 OMGEWINGSFAKTORE. . . . . . . . . . . . . . 19
2.3.4.1 Die huisgesin. . . . . . . . . . . . . . 19
2.3.4.2 Hospitalisasie. . . . . . . . . . . . . . 20
2.3.4.3 Sosio-ekonomiese status. . . . . . . . . 20
2.3.4.4 Rampe. . . . . . . . . . . . . . . . . . 21
2.3.4.5 Sport. . . . . . . . . . . . . . . . . . 22
2.3.5 SKOOLSITUASIE. . . . . . . . . . . . . . . 22
2.3.5.1 Inleiding. . . . . . . . . . . . . . . . 22
2.3.5.2 Motivering. . . . . . . . . . . . . . . 22
2.3.5.3 Opdragte en huiswerk. . . . . . . . . . 23
2.3.5.4 Skolastiese probleme. . . . . . . . . . 23
2.3.5.5 Klaskamerfaktore. . . . . . . . . . . . 23
2.3.5.6 Mislukkings. . . . . . . . . . . . . . . 25
2.3.5.7 Die skool as oorsaak. . . . . . . . . . 25
2.3.5.8 Ouers. . . . . . . . . . . . . . . . . . 25
2.4 MANIFESTASIE VAN STRES. . . . . . . . . . . . . 26
2.4.1 Fisiese simptome. . . . . . . . . . . . . . 26
2.4.1.1 Slaaploosheid. . . . . . . . . . . . . . 26
2.4.1.2 Massaverlies. . . . . . . . . . . . . . 27
2.4.1.3 Eetstoornisse en spysverteringsprobleme. 27
2.4.1.4 Veluitslag. . . . . . . . . . . . . . . 28
2.4.1.5 Maagsimptome. . . . . . . . . . . . . . 28
2.4.1.6 Asemhalingsprobleme. . . . . . . . . . . 29
2.4.1.7 Enurese. . . . . . . . . . . . . . . . . 29
2.4.1.8 Konstante moegheid. . . . . . . . . . . 29
2.4.1.9 Spiertrekkings. . . . . . . . . . . . . 30
2.4.1.10 Selfbevredigende stimuli. . . . . . . . 30
2.4.1.11 Hoofpyn. . . . . . . . . . . . . . . . 30
2.4.2 EMOSIONELE MANIFESTASIES. . . . . . . . . . 31
2.4.2.1 Angs. . . . . . . . . . . . . . . . . . 31
2.4.2.2 Slaapstoornisse. . . . . . . . . . . . . 31
2.4.2.3 Kners van tande. . . . . . . . . . . . . 32
2.4.2.4 'n Gevoel van onveiligheid en magteloosheid. . . . . . . . . . . . . . . 32
2.4.2.5 Psigo-somatiese siektes. . . . . . . . . 32
2.4.2.6 Frustrasie. . . . . . . . . . . . . . . 33
2.4.2.7 Depressie. . . . . . . . . . . . . . . . 33
2.4.2.8 Hakkel. . . . . . . . . . . . . . . . . 34

2.4.2.9 Hartkloppings. . . . . . . . . . . . . . 34
2.4.2.10 Teruggetrokke kind. . . . . . . . . . . 35
2.4.2.11 Senuweeagtigheid. . . . . . . . . . . . 35
2.4.3 PSIGO-SOSIALE SIMPTOME. . . . . . . . . . . 35
2.4.3.1 Skool- en ontspanningsaktiwiteite. . . . 35
2.4.3.2 Aggressiewe gedrag. . . . . . . . . . . . 36
2.4.3.3 Besluitloosheid. . . . . . . . . . . . . 37
2.4.3.4 Die gebruik van afhanklikheidsvormende middels. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 37
2.4.3.5 Stokkiesdraai. . . . . . . . . . . . . . 38
2.4.3.6 Skoolfobie. . . . . . . . . . . . . . . . 38
2.4.4 PSIGOLOGIESE MANIFESTASIE. . . . . . . . . . 38
2.4.4.1 Onvermoë om te konsentreer. . . . . . . . 38
2.4.4.2 Vrese. . . . . . . . . . . . . . . . . . . 39
2.4.4.3 'n Gevoel van verworpenheid. . . . . . . 39
2.4.4.4 Gedragsmanifestasie. . . . . . . . . . . 39
2.5 Manifestasie van stres in die skoolsituasie. . . 41
2.5.1 Oorbeplanning. . . . . . . . . . . . . . . . 41
2.5.2 Hiperdenke. . . . . . . . . . . . . . . . . . 41
2.5.3 Wenmotief. . . . . . . . . . . . . . . . . . 42
2.5.4 Behoefte aan erkenning. . . . . . . . . . . . 42
2.5.5 Onvermoë om te ontspan. . . . . . . . . . . . 42
2.5.6 Ongeduld ten opsigte van onderbrekings. . . . 43
2.5.7 Oorbetrokkenheid. . . . . . . . . . . . . . . 43
2.5.8 Tydsprobleme. . . . . . . . . . . . . . . . . 43
2.5.9 Behoefte aan persoonlike verhoudings. . . . . 43
2.5.10 Positiewe verwagtings. . . . . . . . . . . . 44
2.6 Samevatting. . . . . . . . . . . . . . . . . . . 44

**Hoofstuk 3** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 45
Die metode van ondersoek. . . . . . . . . . . . . . 45
3.1 Inleiding. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 45
3.2 Doel van die ondersoek. . . . . . . . . . . . . . 45
3.3 Enkele ondersoekmetodes en keuse van die meetinstrument. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 45
3.4 Die ontwerp van die stresinventaris as meetinstrument. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 46
3.5 Die eerste redaksie van die stresinventaris. . . 47
3.6 Tweede redaksie van die stresinventaris. . . . . 51

3.7 Keuse van proefpersone. . . . . . . . . . . . . . 51
3.8 Metode van steekproefneming. . . . . . . . . . . 51
3.9 Steekproefgrootte. . . . . . . . . . . . . . . 52
3.10 Begeleidende brief. . . . . . . . . . . . . . 52
3.11 Statistiese tegnieke. . . . . . . . . . . . . 53
3.12 Terugontvangste. . . . . . . . . . . . . . . . 54
3.13 Gevolgtrekking. . . . . . . . . . . . . . . . 54
3.14 Samevatting. . . . . . . . . . . . . . . . . . 55

**Hoofstuk 4** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 56
Resultate van die ondersoek. . . . . . . . . . . . . 56
4.1 Inleiding. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 56
4.2 Biografiese besonderhede van die ondersoekgroep. 56
4.2.2 Analise van response. . . . . . . . . . . . 56
4.3 Skoolfaktore wat vir stres verantwoordelik is. . 59
4.3.1 Figuur 4.4 Toetse/eksamen en druiping. . . . 59
4.3.1.1 Figuur 4.4. . . . . . . . . . . . . . . . 59
4.3.1.2 Figuur 4.4. . . . . . . . . . . . . . . . 59
4.3.1.3 Figuur 4.4. . . . . . . . . . . . . . . . 60
4.3.1.4 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . 60
4.3.2 Akademiese prestasie. . . . . . . . . . . . 61
4.3.2.1 Figuur 4.5. . . . . . . . . . . . . . . . 61
4.3.2.2. Figuur 4.5. . . . . . . . . . . . . . . 61
4.3.2.3 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . 62
4.3.3 Verhouding met onderwysers. . . . . . . . . 62
4.3.3.1 Figuur 4.6A. . . . . . . . . . . . . . . 62
4.3.3.2 Figuur 4.6A. . . . . . . . . . . . . . . 63
4.3.3.3 Figuur 4.6A. . . . . . . . . . . . . . . 63
4.3.3.4 Figuur 4.6A. . . . . . . . . . . . . . . 64
4.3.3.5 Figuur 4.6B. . . . . . . . . . . . . . . 64
4.3.3.6 Figuur 4.6B. . . . . . . . . . . . . . . 65
4.3.3.7 Figuur 4.6B. . . . . . . . . . . . . . . 65
4.3.3.8 Figuur 4.6B. . . . . . . . . . . . . . . 66
4.3.3.9 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . 67
4.3.4 Nuwe Hoërskool. . . . . . . . . . . . . . . 67
4.3.4.1 Figuur 4.7. . . . . . . . . . . . . . . . 67
4.3.4.2 Figuur 4.7. . . . . . . . . . . . . . . . 68
4.3.4.3 Figuur 4.7. . . . . . . . . . . . . . . . 69
4.3.4.4 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . 69

4.3.5 Studiegewoontes. . . . . . . . . . . . . . . . . 69
4.3.5.1 Figuur 4.8. . . . . . . . . . . . . . . . . 70
4.3.5.2 Figuur 4.8. . . . . . . . . . . . . . . . . 70
4.3.5.3 Figuur 4.8. . . . . . . . . . . . . . . . . 71
4.3.5.4 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . 71
4.3.6 Sportprestasie. . . . . . . . . . . . . . . . . 72
4.3.6.1 Figuur 4.9. . . . . . . . . . . . . . . . . 72
4.3.6.2 Figuur 4.9. . . . . . . . . . . . . . . . . 73
4.3.6.3 Figuur 4.9. . . . . . . . . . . . . . . . . 73
4.3.6.4 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . 74
4.4 Persoonlike faktore wat vir stres verantwoordelik is. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 74
4.4.1 Selfbeeld. . . . . . . . . . . . . . . . . . 74
4.4.1.1 Figuur 4.10. . . . . . . . . . . . . . . . 75
4.4.1.2 Figuur 4.10. . . . . . . . . . . . . . . . 75
4.4.1.3 Figuur 4.10. . . . . . . . . . . . . . . . 76
4.4.1.4 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . 77
4.4.2 Toekoms. . . . . . . . . . . . . . . . . . . 77
4.4.2.1 Figuur 4.11. . . . . . . . . . . . . . . . 77
4.4.2.2 Figuur 4.11. . . . . . . . . . . . . . . . 78
4.4.2.3 Figuur 4.11. . . . . . . . . . . . . . . . 78
4.4.2.4 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . 79
4.4.3 Eensaamheid. . . . . . . . . . . . . . . . . 79
4.4.3.1 Figuur 4.12. . . . . . . . . . . . . . . . 79
4.4.3.2 Figuur 4.12. . . . . . . . . . . . . . . . 80
4.4.3.3 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . 80
4.4.4 My liggaam. . . . . . . . . . . . . . . . . 81
4.4.4.1 Figuur 4.13. . . . . . . . . . . . . . . . 81
4.4.4.2 Figuur 4.13. . . . . . . . . . . . . . . . 82
4.4.4.3 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . 82
4.5 Huislike faktore wat vir stres verantwoordelik is. 83
4.5.1 Dood. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 83
4.5.1.1 Figuur 4.14. . . . . . . . . . . . . . . . 83
4.5.1.2 Figuur 4.14. . . . . . . . . . . . . . . . 84
4.5.1.3 Figuur 4.14. . . . . . . . . . . . . . . . 84
4.5.1.4 Samevattende gevolgtrekking . . . . . . . 85
4.5.2 Gesinsverhoudinge . . . . . . . . . . . . . . 85
4.5.2.1 Figuur 4.15. . . . . . . . . . . . . . . . 85
4.5.2.2 Figuur 4.15. . . . . . . . . . . . . . . . 86

4.5.2.3 Figuur 4.15. . . . . . . . . . . . . . . . 86
4.5.2.4 Figuur 4.15. . . . . . . . . . . . . . . . 87
4.5.2.5 Figuur 4.15. . . . . . . . . . . . . . . . 88
4.5.2.6 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . . 89
4.5.3 Siekte. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 89
4.5.3.1 Figuur 4.16. . . . . . . . . . . . . . . . 89
4.5.3.2 Figuur 4.16. . . . . . . . . . . . . . . . 90
4.5.3.3 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . . 91
4.5.4 Finansies. . . . . . . . . . . . . . . . . . 91
4.5.4.1 Figuur 4.17. . . . . . . . . . . . . . . . 91
4.5.4.2 Figuur 4.17. . . . . . . . . . . . . . . . 92
4.5.4.3 Samevattende gevolgtrekking. . . . . . . . 93
4.6 Stresfaktore volgens rangorde. . . . . . . . . . 93
4.6.1 Tabel 4.2 . . . . . . . . . . . . . . . . . . 94
4.6.1.1 Interpretasie. . . . . . . . . . . . . . . 95
4.7 Samevatting. . . . . . . . . . . . . . . . . . . 95

**Hoofstuk 5** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 96
Samevatting, Gevolgtrekkings en Aanbevelings. . . . . . 96
5.1 Inleiding. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 96
5.2 Probleemstelling. . . . . . . . . . . . . . . . . 96
5.3 Doel van die ondersoek. . . . . . . . . . . . . . 97
5.4 Metode van ondersoek. . . . . . . . . . . . . . . 97
5.5 Die voorkoms van stres by die st 5-leerling. . . 97
5.6 Beskrywing van die meetinstrumente. . . . . . . . 98
5.7 Resultate van die ondersoek. . . . . . . . . . . 99
5.8 Gevolgtrekking. . . . . . . . . . . . . . . . . . 100
5.9 Aanbevelings. . . . . . . . . . . . . . . . . . . 101
5.10 Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 102
5.11 Ten slotte. . . . . . . . . . . . . . . . . . . 102

**Bibliografie** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 103

**Bylae's** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 110

**LYS VAN TABELLE EN FIGURE**


| | |
|---|---|
| * Tabel 3.1 | Aantal stresinventarisse ingevul en terugontvang. |
| * Tabel 4.1 | Biografiese besonderhede van die ondersoekgroep. |
| * Tabel 4.2 | Stresfaktore volgens rangorde voorgestel. |
| * Figuur 4.1 | Skoolfaktore. |
| * Figuur 4.2 | Persoonlike faktore. |
| * Figuur 4.3 | Huislike faktore. |
| * Figuur 4.4 | Toets/Eksamen druip. |
| * Figuur 4.5 | Akademiese prestasie. |
| * Figuur 4.6A | Verhouding met onderwyser. |
| * Figuur 4.6B | Verhouding met onderwyser. |
| * Figuur 4.7 | Hoërskool. |
| * Figuur 4.8 | Studiegewoontes. |
| * Figuur 4.9 | Prestasie motief. |
| * Figuur 4.10 | Selfbeeld. |
| * Figuur 4.11 | Die toekoms. |
| * Figuur 4.12 | Eensaamheid. |
| * Figuur 4.13 | My liggaam. |
| * Figuur 4.14 | Dood. |
| * Figuur 4.15 | Ouer/kind verhouding. |
| * Figuur 4.16 | Siekte. |
| * Figuur 4.17 | Finansies. |

**BYLAE'S**

* Bylaag 1 T.O.D. brief
* Bylaag 2 Stresinventaris
* Bylaag 3 Brief aan skoolhoofde
* Bylaag 4 Figuur 4.1
* Bylaag 5 Figuur 4.2
* Bylaag 6 Figuur 4.3

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN PROGRAM VAN NAVORSING.

## 1.1 Inleiding.

Die adolessent bevind hom in 'n ontwikkelingstadium wat vir hom onbegrypbaar is. Vir navorsers soos Yamamoto en Soliman is dit sorgwekkend hoe swak ouers van pre-adolessente hulle werklik ken. Ouers praat voortdurend namens die pre-adolessent omdat hulle van die standpunt af uitgaan dat hulle die pre-adolessente genoeg verstaan en omdat jong adolessente 'n gebrek aan selfkennis het. As gevolg van hierdie standpunt is daar bitter min inligting beskikbaar oor hoe die pre-adolessent werklik die wêreld ervaar en beleef (Yamamoto et al.,1987:855).

Die meeste kinders, en dus ook die st 5-leerling van die tagtiger jare gaan geweldig omvangryke en komplekse beroepsveranderinge tegemoet. Hulle word aan soveel psigologiese druk onderwerp dat soveel as 35% van alle kinders gesondheidsprobleme ondervind. Dit wissel van ligte hoofpyne tot hare uittrek. Die hedendaagse st 5-leerling is aan geweld op televisie, oormatige seks, dwelms, afwesigheid van die ouers, kompetisiedruk en statusbewuste ouers blootgestel. Daar is bevind dat 5% van alle kinders in een of ander stadium stres ervaar. In 1985 het ongeveer 300 kinders onder die ouderdom van 15 jaar selfmoord gepleeg, wat dubbel die getal in 1980 verteenwoordig (Brophy,1986:58-63; Venter,1988:2). Stres was by talle van hierdie slagoffers aanwesig.

## 1.2 Probleemstelling.

?

Adolessensie is 'n tydperk tussen kindwees en volwassenheid. In die moderne samelewing begin adolessensie voor die ouderdom van 13 jaar en eindig tussen 19 en 22 jaar. Dit omvat 'n tydperk waarin die individu ten opsigte van die fisiese, psigiese, kognitiewe en ten opsigte van sosialisering geweldig verander. Gedurende die pre-adolessente stadium, die tydperk waarin die st 5-leerling hom bevind, vind een van die mees dramatiese veranderinge in die mens plaas (Garbarino,1985:5). Die adolessent word ondermeer seksueel volwasse en verskeie veranderinge vind by die geslagsorgane van seuns en dogters plaas. Die seun of dogter moet nou leer om seksdrange te beheer (Louw et al.,1984:345). Die pre-adolessent is ondermeer begaan oor sy uiterlike: die seun veral oor sy lengte en liggaamsbou en die dogter oor haar gelaatstrekke en figuur. Die pre-adolessent weet nie altyd hoe om op liggaamlike veranderinge te reageer nie en dit veroorsaak stres (Louw et al.,1984:346; Bamber,1979:105).

Gedurende die pre-adolessente stadium word sosialisering vir die kind baie belangrik en te midde van baie vriende ervaar hy soms groot eensaamheid. Die kind wat nie deur die portuurgroep aanvaar word nie openbaar soms gedragsprobleme. 'n Toenemende belangstelling in die teenoorgestelde geslag vind plaas en die ander wat nie daarin suksesvol is nie voel minderwaardig. Vir baie pre-adolessente kan sosialisering ernstige emosionele probleme meebring wat tot stres kan lei (Elkind,1978:564; Marais,1982:73).

Die st 5-leerling se affektiewe lewe raak ook meer ingewikkeld. Hulle vrese het veral te doen met eksamens, siektes, gebrek aan een of ander vermoë, die keuse van 'n studierigting, skool en keusevakke. Gebrek aan gewildheid en sukses met vriendskappe, eensaamheid of spot, sportmislukkings en die kies van spanne kan ook stres veroorsaak (De Wit & Van Der Veer,1979:68).

Vir die pre-adolessent verteenwoordig skoolsukses 'n kombinasie van kognitiewe en sosiale kompensasies. In hierdie tydperk leun die adolessent swaar op die skool wat betref die vakkeuse en die studierigting wat hy moet volg en d beroep wat hy moet kies. Die st 5-leerling het hulp nodig, want hy leef in 'n komplekse samelewing. Hy moet nie net weet van menseverhoudings en lewensnorme nie, maar moet ook kennis dra van sy eie potensiaal en waarheen sy potensiaal hom kan lei. Die leerling ervaar moontlike persoonlike probleme en dit is uiters noodsaaklik om met hom te kan kommunikeer om hom sodoende te kan help (Garbarino,1985:380-382; Venter,1988:2).

Gedurende die st 5-jaar is dit belangrik dat elke leerling duidelikheid oor die tipe hoërskool en vakkeuses wat op hom van toepassing is sal verkry. Elkeen moet uiteindelik 'n keuse kan maak en kan aanpas in 'n nuwe skoolopset. Die aanpassing by 'n nuwe skool met nuwe vakonderwysers, nuwe maats en 'n nuwe status is van uiterste belang. Om onvoorbereid by 'n hoërskool aan te kom, kan tot swak aanpassing en emosionele onstabiliteit lei wat weer swak skoolprestasie tot gevolg kan hê. Die goed ingeligte leerling presteer volgens sy vermoë en behoort geen sosiale of emosionele probleme te ondervind nie (Goosen,1983:230).

Gedurende pre-adolessensie ontwikkel die kind 'n stel waardes en norme wat hom in staat stel om tussen reg en verkeerd te onderskei. Sodoende word sy gewete, wat hom sal rig tot genormeerde gedragswyses, ontwikkel. Verskeie faktore beïnvloed die kind se morele ontwikkeling. Van die belangrikste is:

1. Volwassenes (ouers en onderwysers). Gedurende die preadolessensie word sekere verskille in gedragswyses voorgeskryf waarin meer taboes vir dogters as vir seuns geld.

2. Die invloed van die portuurgroep. Die pre-adolessent beskik reeds oor goed ontwikkelde en gevestigde houdings

vanuit die ouerhuis, maar hierdie houdings is wel aan veranderings onderworpe namate sosiale kontakte uitbrei.

3. Die ontwikkeling van die gewete wat aangepas moet word by die nuwe eise van die groep. Dit manifesteer dikwels in opstandigheid teen die ouers wat die gewete help vorm het. Verfyning van die gewete is 'n ingewikkelde taak en dit veronderstel 'n innerlike moraliteit en 'n verantwoordelikheidsin wat deur 'n goed ontwikkelde wil tot uiting kom (Josselyn,1972:67).

Volgens Van Damme (1987:317) en Eskridge & Coker (1985:387) is stres 'n intergrale deel van die lewe. Elke volwassene, adolessent en kind het 'n mate van stres nodig vir sy voortbestaan. Vir sommige adolessente dien stres as 'n dryfveer tot sukses, vir ander gee dit tot mislukking aanleiding. Die pre-adolessent word dus daagliks aan stres veroorsakende situasies blootgestel.

Die pre-adolessent is aan liggaamlike, sedelike, religieuse, emosionele en sosiale veranderinge onderworpe. Vir baie van die leerlinge verloop die veranderinge nie stresvry nie. Oorsee is reeds heelwat navorsing in die verband gedoen, maar in Suid-Afrika is min of geen navorsing oor die voorkoms van stres by die pre-adolessent gedoen. Daar kan dus by opvoeders en opvoedkundiges behoefte aan meer kennis oor die voorkoms van stres by die pre-adolessent binne die Suid-Afrikaanse konteks bestaan.

## 1.3 Die doel van die navorsing.

Na aanleiding van die voorafgaande beredenering is die doel van hierdie navorsing dus:

1. om die tema vanuit die literatuur te bestudeer en

2. om empiries te bepaal wat die voorkoms van stres by standerd vyf-leerlinge is.

## 1.4 Metode van ondersoek.

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek. Die literatuurstudie sal op die begrip stres asook die oorsake en manifestasie van stres by die pre-adolessent toegespits word

Die empiriese ondersoek behels die volgende: Die ontwikkeling en afneem van 'n stresinventaris om inligting oor die voorkoms van stres by dié ouderdomsgroep te bekom (vgl. Hoofstuk 3). Die inventaris-response sal met behulp van die SAS en BMDP program verwerk word. Op grond van die resultate sal gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word (vgl. Hoofstuk 4).

## 1.5 Verloop van die ondersoek.

Aangesien die studie oor die voorkoms van stres by st 5-leerlinge handel sal daar in hoofstuk 2 op die begrip stres asook die oorsake en manifestasies daarvan in skoolsituasies by die pre-adolessent ingegaan word.

In hoofstuk 3 sal die empiriese ondersoek gemotiveer word. Die doel van die ondersoek, metode van ondersoek, die keuse van die populasie, die ontwikkeling van die meetinstrument en statistiese tegnieke sal bespreek word.

In hoofstuk 4 sal die ondersoekresultate statisties bespreek word. In die slothoofstuk, hoofstuk 5, sal die samevatting, afleidings, gevolgtrekkings en aanbevelings bespreek word.

## 1.6 Samevatting.

In hoofstuk 1 is die probleemstelling, doel, metode en verloop van die ondersoek bespreek. In hoofstuk 2 word die begrip stres, die oorsake en manifestasie daarvan bespreek.

# HOOFSTUK 2

## STRES BY DIE PRE-ADOLESSENT (12 TOT 14 JAAR).

### 2.1 Inleiding.

Die jeugdige is gedurig in wisselwerking met sy omgewing en homself. Daar is dus sprake van verhoudinge tussen mense, situasies, gebeurtenisse en die self. Die jeugdige streef gedurig om sy eie behoeftes te bevredig. Terselfdertyd moet hy aan die samelewings eise voldoen. Die ontwikkeling van aanvaarde verhoudings binne die self en die omgewing dui op suksesvolle aanpassing en inskakeling. Slaag hy nie daarin nie, kan dit tot onvolwassenheid lei. Dit gee weer aanleiding tot emosionele- en gedragsprobleme wat ondermeer in stres gemanifesteer word (Van Der Westhuizen,1981:131; Sharpe & Lewis,1977:5).

Alvorens daar op die oorsake en manifestasie van stres by die st 5-leerling ingegaan kan word, is dit nodig om die begrip stres te verklaar.

### 2.2 Wat is stres?

Dit is moeilik om die begrip stres te definieer. Stres is multi-dimensioneel en kan uit verskillende hoeke benader word. Verskeie navorsers heg op grond van hul navorsing verskillende betekenisse daaraan. Hierdie navorsing het 'n uiteenlopende verskeidenheid interpretasies tot gevolg gehad soos voorts sal blyk (Harris,1979:9; Selye,1976:15).

"Stress is the spice of life" (Selye,1974:8). Stres is deel van die mens se daaglikse lewe en slegs die dood bevry die mens daarvan. Volgens Harvey et al.,(1983:26) is 'n sekere hoeveelheid stres gesond en noodsaaklik vir die onderhoud van lewensfunksies. Vir sommige is stres die dryfkrag agter hulle sukses, vir ander is dit die oorsaak van hulle mislukkings. Stres beïnvloed die gevoelslewe van elke individu op 'n persoonlike wyse. Wat by een persoon stres veroorsaak, is vir die volgende persoon onbelangrik (Eskridge & Coker 1985:378; Coldicott,1985:91; Varma,1973:4).

Verskillende navorsers het stres gedefinieer. Volgens Kyriacou & Sutcliffe (1987:146) en Reed (1985:51) is stres 'n liggaamlike reaksie op iets wat buite die persoon gebeur. Hierdie reaksie kan fisies, geestelik of emosioneel wees.

Warrick (1981:37) beskou stres as die persoon se geestelike, affektiewe en gedragreaksie op angsproduserende gebeure, terwyl Honig (1986:51) dit as 'n toestand van psigiese gespannenheid beskou. Dit versteur die homeostase en versteur dus die individu se psigiese en of fisiese funksionering.

Volgens Hermans et al.(1982:7) ontstaan negatiewe "faalangst" by die pre-adolessent wanneer te veel onsekerheid ten opsigte van 'n situasie, gebeurtenis of saak bestaan.

Die pre-adolessent ervaar stres op 'n lang- of korttermynbasis. Stres bestaan uit drie komponente, naamlik: die gebeurtenis self, 'n liggaamlike reaksie en die persoon se belewenis van die gebeurtenis. Dit is baie moeilik om stres in die pre-adolessent se lewe af te baken. Die pre-adolessent het die vermoë om gebeurtenisse te interpreteer en 'n betekenis daaraan te heg wat positief of negatief beleef kan word (Hawkins et al.,1985:387; D'Aurora & Fimian,1988:44; Forgarty,1975:5). Stres ontstaan wanneer wanverhoudinge tussen die persoon en die rol of rolle wat vertolk moet word bestaan (Reed,1985:82). Al die elemente

binne die situasie of gebeurtenis wat in 'n wanverhouding is veroorsaak stres.

Vervolgens word die vernaamste oorsake van stres by die st 5-leerling bespreek.

## 2.3 Oorsake van stres.

### 2.3.1 Inleiding.

In hierdie afdeling word persoonlikheids-, psigologiese-, omgewings- en skoolfaktore as oorsaak van stres by die pre-adolessent onder die loep geneem.

### 2.3.2 PERSOONLIKHEIDSFAKTORE.

#### 2.3.2.1 Aanpassing by nuwe situasies.

Aanpassing by nuwe situasies in skool verband of daarbuite kan die kind so beïnvloed dat dit stres tot gevolg kan hê. Die finale laerskooljaar oefen 'n belangrike invloed op die emosionele ontwikkeling van die adolessent uit omdat hy nie weet wat die toekoms inhou nie. Die oorskakeling van die laer- na hoërskool verloop vir baie leerlinge problematies (Chandler,1981:164).

Baie kinders vind dit moeilik om nuwe en onbekende situasies te hanteer en die toetrede tot 'n nuwe situasie het 'n graad van stres tot gevolg (Adams et al.,1976:66).

Elkind (1981:3) tipeer vandag se kinders as "Hurried Children". Volgens hom kan die hedendaagse kind nie die skielike verwarde sosiale veranderinge hanteer nie.

Selfs ouers wat tuis as gevolg van werkveranderinge minder vir hul kinders beskikbaar is kan 'n situasie skep wat 'n kind nie kan verwerk nie (Karnes et al.,1986:406).

2.3.2.2 Onvermoë om vriende te maak.

Die pre-adolessent wat moeilik vriende maak beleef 'n situasie wat stres te weeg kan bring. Die druk en spanning wat die pre-adolessent ervaar dra by tot die situasie waarin hy hom bevind. Sommige pre-adolessente is nie in staat om vriendskappe te sluit nie (Sarason & Sarason,1984:114).

2.3.2.3 Selfkonsep.

Gouws et al.(1979:269) definieer selfkonsep as 'n persoon se siening en evaluering van homself. Dit sluit kognitiewe, emosionele en waardebepalende elemente in.

Volgens Brodzinsky et al.(1986:170) is daar 'n verband tussen die ontwikkeling van die selfkonsep, die kind se kognitiewe ontwikkeling, sy emosionele en sosiale vermoëns. Die kind se siening van die self ontwikkel deur verbale en nie-verbale interaksie met sy omgewing. Die selfkonsep word ontwikkel deur krisisse op verskeie stadiums van die lewe te hanteer. Oordrewe skuldgevoelens kan voorkom word indien die kind nie geleer word om selfbeheersing aan die dag te lê nie.

Kinders met 'n negatiewe selfbeeld is baie gevoelig vir kritiek, blameer hulself vir alles wat verkeerd loop, is maklik beïnvloedbaar en het min selfvertroue. Opdragte en verantwoordelikhede word vermy. Hulle verkies om met maats jonger as hulself bevriend te raak en is geneig om

afknouerig te wees. Sulke kinders kan nie onder druk positiewe veranderinge te weeg bring nie, maar is vasgevang in 'n onvermoë om beheer oor te neem (Honig,1986:56).

### 2.3.2.4 Selfidentiteit.

'n Negatiewe selfidentiteit ontwikkel wanneer vrae soos: Wie is ek?, wat is my vermoë?, wat word van my verwag?, wat is belangrik en wat is die doel in die lewe?, nie beantwoord kan word nie (Schultz,1980:75).

Indien die kind hom nie met 'n ouer of ander volwasse persoon kan identifiseer nie, ontwikkel hy 'n negatiewe selfidentiteit (Brodzinsky et al.,1986:180). Selfidentiteit kan aan die verskillende rolle wat die kind binne elke situasie of gebeurtenis moet vertolk gekoppel word. Indien dit nie aan die situasie-vereistes voldoen nie, ontstaan negatiewe veranderinge. Die rol wat die kind vertolk moet by die situasie of omgewing inskakel anders kan hy self nie daarby in- of aanpas nie (Reed,1985:84; Greenberg & Valletuti,1980:21).

In 'n snelveranderde wêreld beleef die pre-adolessent 'n identiteits-krisis wat negatiewe of positiewe gevoelens tot gevolg kan hê (De Wit & Van Der Veer,79:162).

### 2.3.2.5 Emosionele ontwikkeling.

Die hedendaagse jeug word tans teen 'n versnelde tempo opgevoed om aan al die toenemende eise van die lewe te kan voldoen. Die hele samelewing het 'n aandeel in die opvoeding van die "Hurried Children". 'n Gevolg hiervan is dat die emosionele ontwikkeling van 'n kind ook versnel word. Die pre-adolessent moet optree en reageer soos 'n volwassene nog voordat hy begrip het waaroor alles gaan. Hierdie verhaasde emosionele ontwikkeling veroorsaak konflik (Spielberger & Sarason,1986:32; Deffenbacher & Deitz,1978:447).

Onbeheersde emosionele gedrag mag 'n pre-adolessent se vermoë tot besluitneming ontwrig en sy optredes sodanig negatief beïnvloed dat dit stres tot gevolg kan hê (Boshoff,1976:54).

2.3.2.6 Geslag.

Navorsing deur Honig (1986:54) het getoon dat seuns meer as dogters geneig is tot stres. Wanneer seuns misluk ervaar hulle die gedragskode as onaanvaarbaar of kry hulle 'n gevoel van "nie-goed-genoeg-nie". By dogters is die gevoel dat dit as gevolg van hulle onvermoë is en hulle aanvaar die situasie.

Stres manifesteer verskillend by seuns as by dogters. Seuns is meer as dogters tot 'n aggressiewe gedrag geneig. Wat die kognitiewe betref is dogters meer ontwikkel en kan situasies of gebeurtenisse dus beter beheer en verwerk as seuns. Die samelewing reageer ook verskillend teenoor seuns en dogters. Sodanige optredes kan stres tot gevolg hê (Brodzinsky et al.,1986:182).

2.3.2.7 Intelligensie.

Intelligensie is die vermoë om abstrak te kan dink (Cronbach,1960:233) Volgens Wechler is intelligensie die vermoë om doelbewus te handel, rasioneel te dink en om doeltreffend by die omgewing aan te pas (De Wet & Van Zyl,1973:111).

Die begaafde kind is meer bewus van situasies wat stres kan veroorsaak en kan dit beter verwerk en hanteer. Begaafdheid as sulks kan by die kind stres veroorsaak, omdat meer druk op dié kinders geplaas word (Karnes et al.,1986:409)

2.3.2.8 Ouderdom.

Hoe ouer die kind, hoe beter reageer hy op stres. Kinders beleef situasies en gebeurtenisse minder stresvol sodra hulle kan lees (Weinstein,1978:26).

Verskillende stresfaktore beïnvloed die kind op verskillende ouderdomme. Ouer kinders is meer in staat om stres te hanteer omdat hulle die vermoë besit om 'n probleem te beredeneer. Die ouer kind beskik oor meer kennis van sy vermoëns en kan stressituasies dus beter as jonger kinders verwerk en hanteer (Honig,1986:53).

2.3.2.9 Deursettingsvermoë.

Deursettingsvermoë speel in elke mens 'n belangrike rol. Deursettingsvermoë is die grondmotivering om van die lewe 'n sukses te maak. Die pre-adolessent kan homself evalueer ten opsigte van dit wat hy tot dusver bereik het. Deursettingsvermoë kan die stressituasie in 'n uitdaging omskep omdat die kind nou oor doelgerigtheid, motivering en deursettingsvermoë beskik om alles in die stryd te werp ten einde 'n ideaal te verwesenlik. Die pre-adolessent mag ook wat deursettingsvermoë betref 'n negatiewe houding openbaar (Nortje,1980:12).

2.3.2.10 Belangstelling.

Die kind wat nie in 'n situasie óf die omgewing belangstel nie, is meer tot stres geneig omdat die situasie nie aan sy eise voldoen nie (Derdeyn,1983:24).

Kinders wat positiewe ervaringe gehad het sal waarskynlik meer in die situasie belangstel as kinders wat oor geen of negatiewe ervarings beskik (Greenberg,1984:85).

Ouers moet kinders byvoorbeeld nie dwing tot lees nie. Die belangstelling in lees moet self ontwikkel. Kinders kan 'n situasie en die omgewing beter hanteer indien die belangstelling spontaan ontwikkel en hulle nie daartoe gedwing is nie (Elkind,1981:32).

### 2.3.2.11 Tyd en ontspanning.

In 'n gejaagde, moderne samelewing is tyd 'n faktor wat tot stres lei. Die kind, veral die pre-adolessent, word soos 'n volwassene hanteer, want daar is nie meer tyd om soos 'n kind te handel nie. Te veel verantwoordelikhede word te vinnig op die pre-adolessent afgedwing. Van die kind wat spelend ontwikkel en ontspan is daar nie meer sprake nie. Sy ontspanning is onbevredigend omdat alle ontspanning afgerigte en beplande aktiwiteite is waarin hy homself nie kan uitleef nie. Dit word geprogrammeer en dit kan frustrasie veroorsaak wat weer tot stres aanleiding gee (Elkind,1981:21; Santrock & Yussen,1984:347).

## 2.3.3 PSIGOLOGIESE FAKTORE.

### 2.3.3.1 Onsekerheid.

Waar die pre-adolessent gedurig deur ouers en volwassenes in onsekerheid geplaas of gelaat word kan dit stres veroorsaak. Leuens word aan die pre-adolessent voorgehou om hom teen onaangename situasies te beskerm, terwyl hy graag 'n verduideliking van elke onaangename situasie wil hê. Die pre-adolessent is onseker in die snel veranderende wêreld, daarom soek hy dringend hulp (Medeiros et al.,1983:10). Onsekerheid gee aanleiding tot "negatiewe faalangst". Dit is 'n gevoel van bedreiging omdat die pre-adolessent nie weet

wat om te verwag of wat van hom verwag word nie (Hermans et al.,1982:8).

### 2.3.3.2 Dood.

Navorsers soos Chandler (1982:23) en Burns & Brassard (1982:448) is van mening dat die dood van 'n ouer of geliefde die meeste stres by die pre-adolessent veroorsaak. Hy ervaar en beleef die dood van 'n ouer of geliefde sedelik, liggaamlik, emosioneel en geestelik. Dogters wat hul moeder, en seuns wat hul vader in die pre-adolessente stadium aan die dood afstaan toon emosionele en aanpassingsprobleme. Pre-adolessente reageer op verskillende wyses op die dood. Van die bekendste manifestasies is onttrekking en traak-my-nie-agtigheid. Omdat die dood vir die meeste adolessente 'n abstrakte begrip is en hulle dit nie verstaan of begryp nie, kan dit stres veroorsaak.

### 2.3.3.3 Egskeiding.

Egskeiding verhaas die onafhanklikheid en emansipasie wat die pre-adolessent op die stadium soek. Die pre-adolessent voel alleen, aggressief, skaam en verlore. Die gevaar wat egskeiding vir hom kan inhou, is dat hy gedwing word om volwasse verantwoordelikhede en druk te aanvaar nog voordat hy daarvoor gereed is. Egskeiding is vir dogters minder traumaties omdat hulle vinniger as seuns ontwikkel. 'n Pre-adolessent wat by 'n egskeiding betrokke is, wysig waardes en daardeur word bestaande waardes, norme en gesag bevraagteken (Burns & Brassard, 1982:488; Berger,1979:37).

### 2.3.3.4 Die enkelouer.

Die pre-adolessent van 'n enkelouer ervaar stres as gevolg van 'n negatiewe selfbeeld. 'n Gevoel van isolasie ontstaan omdat hy nie oor sy gesinsituasie kan gesels nie, en omdat

hy verwerp voel deur die persone wat hy die nodigste het. Die gevaar van ontvoering of selfs wegloop is nou reël en dit kan vir stres by die pre-adolessent verantwoordelik wees (Elkind,1981:13).

### 2.3.3.5 Gesinsfaktore.

Verskillende gesinsfaktore soos die geboorte van 'n baba, hospitalisasie, dood van 'n broer of suster, vertraagdheid van 'n gesinslid en molestering kan vir stres verantwoordelik wees. Verder veroorsaak stieffamilies, werkende moeders en grootouers 'n gevoel van onsekerheid in die lewe van die pre-adolessent. Verwydering tussen die pre-adolessent en dit wat vir hom dierbaar en kosbaar is kan stres veroorsaak. 'n Gevoel van isolasie, eensaamheid en gebrek aan liefde kan nou ontstaan. Die pre-adolessent vind dit moeilik om die verwydering wat daar tussen ouers ontstaan te verwerk (Honig,1986:60).

### 2.3.3.6 Verwerping.

Verwerping deur die portuurgroep, ouers of volwassenes tydens die adolessente stadium is fataal, want dit kan 'n goeie voorspeller vir latere wanaanpassing wees. Dit is juis tydens hierdie stadium dat die pre-adolessent hom vir ondersteuning, aanvaarding, goedkeuring en bewondering na die portuurgroep wend. Wanneer verwerping plaasvind bring dit die diepste gevoel van ontoereikendheid en onvolwaardigheid mee. Hierdie emosies wat by die pre-adolessent teenwoordig is kan stres veroorsaak (Louw et al.,1984:381; Gravett & Boshoff,1979:5).

Stres was as gevolg van verwerping ontstaan manifesteer in dagdromery en vermydingsgedrag. Sommige pre-adolessente vermy sosiale groepe ten einde die moontlikheid van verwerping uit te skakel.

2.3.3.7 Waardes en norme.

Die dubbele standaarde wat in die moderne samelewing geld plaas die pre-adolessent onder stres. Uit 'n verskeidenheid van waardes en norme moet die pre-adolessent riglyne kies en ontwikkel wat hom in staat stel om tussen reg en verkeerd te onderskei. Sulke riglyne kan die pre-adolessent nie by alle volwassenes leer nie, want hulle optredes en waardes stem nie ooreen nie. Optredes van volwassenes kan stres veroorsaak aangesien die pre-adolessent blootgestel word aan waardestelsels sonder enige vaste reëls en regulasies oor watter waardes en norme aanvaar behoort te word en watter liefs vermy moet word (Ambron,1981:490; Josselyn,1972:27)

2.3.3.8 Godsdiens.

Tydens die pre-adolessente stadium begin 'n nuwe benadering tot godsdiens. Die pre-adolessent aanvaar nie meer alles bloot op gesag nie, maar soek verklaarbare bewyse. Hy bevraagteken nie net die letterlike nie maar ook die geestelike betekenis. In hierdie stadium ervaar die st 5-leerling 'n gevoel van onmag en besef hy vir die eerste keer sy geestelike nood. Die gewete ontwikkel nou sterker en die pre-adolessent besef dat hy aan God vir sy dade verantwoording verskuldig is. Sy gewete kla hom aan. Hy ontwikkel 'n kritiese houding en sien die inkonsekwensies in die lewe van volwassenes raak. Hy besef dat die optredes van volwassenes teenstrydig met hul godsdienstige siening is. Dit veroorsaak soms verwarring, onsekerheid en twyfel ten opsigte van sy godsdienstige belewenis en dit kan tot stres lei (Bybelkor,1983:19; Gravett & Boshoff,1979:12).

### 2.3.4 OMGEWINGSFAKTORE.

#### 2.3.4.1 Die huisgesin.

Kommunikasie is 'n wyse waarop die omgewing verstaanbaar gemaak word en word aangewend om uiting aan frustrasie en aggressie te gee om sodoende oplossings te vind vir probleme. Wanneer daar geen kommunikasie binne die huisgesin bestaan nie kan die pre-adolessent opstandig raak en 'n negatiewe gesindheid ontwikkel. Hy wil probleme bespreek, oplossings vind en leiding soek om homself binne 'n snel veranderende waardesisteem te verstaan. Wanneer kommunikasie geleenthede nie vir die pre-adolessent gebied word nie kan dit stres veroorsaak (Medeiros et al.,1983:38).

Op die stadium word gesag nie meer as gevolg van respek aanvaar nie, maar word dit bevraagteken. Om hierdie probleem te kan hanteer moet daar goeie verhoudings binne die huis bestaan. Die pre-adolessent sal gesag alleenlik aanvaar indien hy voel dat hy, as unieke mens, 'n standpunt kan handhaaf. Hierdie aanvaardingsprobleme veroorsaak stres wat in gedragsprobleme kan manifesteer (Harrison,1977:149).

Geld is vir die pre-adolessent belangrik want dit is 'n middel om liefde te bewys, aanvaarding te bewerkstellig en kan aangewend word om vanuit 'n magsposisie op te tree. Vir hom is geld 'n koopmiddel vir alles. Werkende ouers vergroot hierdie probleem tot 'n punt waar hy dit nie kan hanteer of verwerk nie (Honig,1986:61).

Privaatheid binne die huisgesin is noodsaaklik vir die pre-adolessent. Ervaar hy geen privaatheid nie word sy uniekheid misken en so 'n kind is blootgestel aan gevare soos portuurgroepbeïnvloeding, aanranding, seksuele misbruik en mishandeling deur ouers, familielede en vriende. Hierdie onhanteerbare toestand kan stres veroorsaak (Varma,1984:67). Alkoholmisbruik kom gewoonlik voor en sommige pre-

adolessente kan die toestande nie verwerk nie en 'n vermydingsgedrag ontstaan.

### 2.3.4.2 Hospitalisasie. (Skeiding ?)

Vir die meeste pre-adolessente is hospitalisasie 'n angswekkende situasie omdat hy nie weet wat van hom verwag word nie. Die onsekerheid wat hospitalisasie meebring kan vir hom verwerping, 'n gee-nie-om-gevoel beteken wat emosionele stres kan veroorsaak. Hierdie emosionele stres is vir die pre-adolessent moeilik om te hanteer omdat die ouers se optredes en houding ten opsigte van hospitalisasie in baie gevalle negatiewe uitwerking veroorsaak. Die pre-adolessent word uit sy veilige ruimte waar hy sekuriteit, liefde en beskerming geniet weggeneem. Hierdie verwydering na onbekende situasies is vir hom moeilik verwerkbaar (Harris,1977:51).

### 2.3.4.3 Sosio-ekonomiese status.

Die sosio-ekonomiese status van die gesin speel 'n belangrike rol in sommige kinders se ontwikkelingsverloop. Armoede kan die pre-adolessent in 'n kroniese stresvolle situasie plaas waar hy 'n hoë risiko loop ten opsigte van aanranding, gesondheidsprobleme, swak persoonlikheidsontwikkeling, gedragsprobleme en swak verhoudings. Armoede wat nie verstaan en begryp word nie kan 'n negatiewe invloed op sommige pre-adolessente hê en dit kan lei tot onhanteerbare stres (Garbers,1979:33).

Pre-adolessente wat in 'n lae sosio-ekonomiese huis groot word, het 'n agterstand teenoor die samelewing wat ekskaleer en nooit uitgewis kan word nie. Die kinders voel skaam en openbaar min selfvertroue teenoor hul portuurgroep. Vriende en 'n sosiale lewe word vermy uit vrees vir vernedering as gevolg van ekonomiese armoede. Die toestande kan stres veroorsaak wat moeilik verwerkbaar is (Rouse,1980:104).

Ouers in lae sosio-ekonomiese omstandighede toon in die meeste gevalle geen belangstelling in die pre-adolessent se prestasie nie, veral nie op akademiese gebied nie. Daar vind ook geen motivering plaas om sodoende 'n verantwoordelikheidsin ten opsigte van werk en plesier te kweek nie. Meestal word die pre-adolessent eerder belemmer in sy pogings om sy doelwit te bereik en hierdie toestand veroorsaak konflik wat hy moeilik kan verwerk (Behr,1979:4).

Die sosio-ekonomiese vlak van die gemeenskap kan die ontwikkeling van die kind negatief beïnvloed. Die atmosfeer en die wyse van opvoeding word beslis deur die sosio-ekonomiese vlak bepaal. Die gehalte van die opvoeding kan stres verminder en die kind kan daarby baat vind vir sy latere ontwikkeling (Louw et al.,1984:401).

Die pre-adolessent wat hom in 'n lae sosio-ekonomiese huis bevind kan meer stres ervaar ten opsigte van vakkeuse, skoolkeuse en beroepskeuse omdat daar in die meeste huise geen wedersydse kommunikasie en vertroue bestaan nie (Ambron,1981:493). Die skool se taak is om dié leerling in hierdie moeilike keuses by te staan.

2.3.4.4 Rampe.

Die reaksie van huisgesinne op rampe soos ondermeer deur die media weergegee kan stres veroorsaak. Natuurrampe, terrorisme, oorlog en 'n kernbedreiging skep 'n stresvolle leefwêreld en beïnvloed die kognitiewe ontwikkeling van die pre-adolessent. Emosionele ontwrigting, nagmerries, bekommernis en angs ontstaan wanneer die ouers nie die nodige leiding en ondersteuning gee nie. Die geweld van oorloë en rampe soos dit deur die media uitgebeeld word kan die pre-adolessent ontwrig (Honig,1984:56).

2.3.4.5 Sport.

Daar is bevind dat sport by die pre-adolessent stres kan veroorsaak. Die pre-adolessent ervaar in die najaag van die wenmotief sy sukses al dan nie as 'n persoonlike sukses of mislukking. Baie pre-adolessente kan nie verstaan waarom daar druk op hulle geplaas word om aan georganiseerde sport deel te neem nie. Die pre-adolessent ervaar ook 'n gevoel van teleurstelling indien hy verloor en dikwels voel hy hartseer. Indien daar nie kennis geneem word van die kind se gevoel nie, moet die kind 'n dubbele lewe lei wat vir stres verantwoordelik is (Medeiros et al.,1983:133).

## 2.3.5 SKOOLSITUASIE.

2.3.5.1 Inleiding.

Die skoolsituasie kan fisiese en psigiese stres by die pre-adolessent veroorsaak. Stresvolle skoolgebeurtenisse beïnvloed die adolessent se gedagtes, liggaamsontwikkeling, gedrag en motivering. Stres is 'n bruikbare barometer vir die meet van onaangename skoolsituasies (Schultz,1980:12).

2.3.5.2 Motivering.

Negatiewe motivering kan ook 'n negatiewe uitwerking hê veral as dit bedoel is om 'n kind dinge te laat doen wat net in belang van die skool is. In so 'n geval word die skool erken vir sy kritiek eerder as vir waardering en lofpryse teenoor die kind (Medeiros et al.,1983:111). Wanneer die kind iets belangriks aandurf en dit misluk, ervaar hy 'n gevoel van mislukking (Schultz,1980:12).

2.3.5.3 Opdragte en huiswerk.

Huiswerk en klasopdragte is aktiwiteite waarin die kind maklik kan misluk. Dubbelsinnige opdragte maak die kind onseker en veroorsaak verwarring. Onduidelike oorhaastige en swakbeplande opdragte lei tot stres omdat die kind nie altyd die sin van die opdragte kan insien nie. Die stres-situasie word vererger deur 'n onhanteerbare volume huiswerk of onvoldoende tyd, apparaat en geleenthede om klasprojekte te voltooi (Eskridge & Coker,1985:388; Marais,1988:33).

Volgens Greenberg (1984:40) word die standaard van werk deur die hoeveelheid daarvan belemmer. Opdragte wat onsuksesvol uitgevoer word kan stres veroorsaak (Reed,1985:84).

In baie gevalle lei die onderwyser nie die kind tot sinvolle huiswerk nie. Ouers moet meer objektief staan teenoor huis-werk deur die kind toe te laat om self die opdragte te vol-tooi (Marais,1988:33).

2.3.5.4 Skolastiese probleme.

Chandler (1981:164) sê 'n ortopedagogiese probleem wat stres by die kind veroorsaak is so algemeen dat dit soms nie raakgesien word nie. Spraak-; leer-; gesigs-; en gehoorpro-bleme kan aanleiding gee tot spesiale onderwys, selfs tot buitengewone onderwys. Hierdie tipe onderwys word soms te lank van die kind weerhou. Hierdeur ontwikkel hy 'n negatiewe selfbeeld. Elke opvoedingssituasie is vir hom stresvol want die onderwys voldoen nie aan sy behoeftes nie.

2.3.5.5 Klaskamerfaktore.

Die klaskamer kan 'n plek van eensaamheid wees omdat die kind bang voel om iets te sê. Dit is nie altyd moontlik om sy gedagtes met onderwysers of ander kinders te deel nie.

Die volgende klaskamersituasies kan stres by die st 5-leerling teweeg bring: Ek is die swakste leser in die groep, die reëls is te veel om te onthou, ek word nie gekies vir die konsert nie, ek is die laaste keuse. Dit is 'n groot vernedering om in 'n toets of eksamen te druip. Hitte of koue toestande in die klaskamer kan van so aard wees dat die kind nie kan konsentreer nie. Die gevaar van fisiese uitputting en beserings kan remmend op die kind se persoonlikheidsontwikkeling inwerk (Schultz,1980:12).

Vanuit sy magsposisie kan die onderwyser die kind se selfbeeld nadelig beïnvloed sodat hy die bespotting van die klas word. Die onderwyser kan massas onduidelike inligting deurgee wat 'n gevoel van stres kan veroorsaak. Swak onderlinge verhoudinge en kommunikasie met die onderwyser en ontydige onderbrekings tydens lesure wek stres by die kind (D'Aurora & Fimian,1980:47).

Die evaluering van skriftelike werk, toetse en eksamen veroorsaak 'n atmosfeer van kompetisie tussen leerlinge. Emosionele druk ontstaan as te veel klem op vergelykende evaluering gelê word. Onvermoë om die akademiese druk te hanteer lei daartoe dat die kind in dagdromery en oneerlikheid verval. So 'n klaskamersituasie kweek die sogenaamde "drop outs". Negatiewe opmerkings deur die onderwyser doen meer skade aan 'n kind se persoonlikheid as straf. Die kind beleef homself soos ander hom sien en behandel (Behr,1979:2).

Indien die pre-adolessent nie daarin slaag om die rol van skolier suksesvol te vertolk nie ontstaan persoonlikheidskonflik wat stres kan veroorsaak. Konfliksituasies tussen die onderwyser en kind bemoeilik gesonde verhoudings. Dikwels loop sulke leerlinge die risiko om skool op 'n vroeë ouderdom te verlaat (Reed,1985:84).

2.3.5.6 Mislukkings.

Verskeie faktore in die skool is by leerlinge vir mislukkings verantwoordelik. Die skool moet vir die kind werklikheidsgetrou wees en moet met die samelewing tred hou. Sillabusdruk en oordrewe dissipline kan belemmerend vir die kind se intellektuele ontwikkeling wees (Behr,1979:4; Wolff,1981:150).

Die onderwyser se verhouding tot die kind bepaal die mate van sukses van opdragte (Marais,1987:32).

2.3.5.7 Die skool as oorsaak.

Die wyse waarop die kind in die skool hanteer word is 'n verdere oorsaak van stres. Kinders van enkelouers word dikwels in 'n mate negatief behandel vanweë hul ouer se posisie (Burns & Brassard,1982:491).

Die skool, en in besonder die onderwyser, moet die leerling so motiveer dat doelwitte wat aan sy eise voldoen bereik kan word (Docking & Thornton,1979:260).

Verwisseling van skool kan vir stres verantwoordelik wees omdat aanpassingsprobleme kan ontstaan (Garbers,1979:36).

2.3.5.8 Ouers.

Ouers stel dikwels onbereikbare verwagtinge aan hulle kinders. Die prestasie van die kind moet aan die statusbewuste ouers se eise voldoen (Karnes et al.,1986:406). 'n Kind moet dikwels van sy vrye tyd en sosiale omgang inboet ter wille van sy ouers se strewe (Swart,1988:10).

Ouers wat kinders gedurig vermaan hoe moeilik en hard daar in die volgende standerd gewerk sal moet word, veral by die

oorskakeling van laerskool na die hoërskool kan stres veroorsaak wat moeilik hanteerbaar is. Die ouers verwag dan ook meer verantwoordelikhede by die nuwe hoërskoolleerling en die kind kan dit nie verwerk nie (Medeiros et al.,1983:26).

'n Gebrek aan, of leemte in roetine en dissipline lei tot 'n gevoel van onsekerheid, onrustigheid en 'n traak-my-nie-agtige houding ontstaan by die pre-adolessent (Honig, 1986:48).

Ouers dink dikwels dat hulle hul kinders goed genoeg ken om namens hul te praat terwyl dit selde die geval is (Yamamotto et al.,1987:855).

In paragraaf 2.4 word die manifestasie van stres by die st 5-leerling bespreek.

## 2.4 MANIFESTASIE VAN STRES.

### 2.4.1 Fisiese simptome.

#### 2.4.1.1 Slaaploosheid.

Slaaploosheid kom by die pre-adolessent voor wanneer stresvolle stimuli nie gekanaliseer word nie. Die kind ondervind probleme om aan die slaap te raak en aan die slaap te bly. Slaaploosheid kan allergieë by die pre-adolessent veroorsaak (Smith & Danielsson,1982:2).

2.4.1.2 Massaverlies.

Die pre-adolessent kan met die uiterlike voorkoms behep raak: die seun veral met sy lengte en liggaamsbou en die dogter met haar gelaatstrekke en figuur. Skuldgevoelens oor liggaamsmassa kan die eetlus aan bande lê. Hierdie toestand kan van 'n tydelike na 'n chroniese toestand verander en die persoon kan weens ondervoeding en uittering sterf (Brodsinsky et al.,1986:330).

**2.4.1.3 Eetstoornisse en spysverteringsprobleme.**

Die interaksie wat tussen ouer en kind gevorm word ten aansien van eetgewoontes kan die begin van emosionele en gedragsprobleme wees. In die meeste gevalle is eetstoornisse van verbygaande aard, maar in sommige gevalle is die oorsprong en probleem van so 'n aard dat professionele hulp noodsaaklik is. Erickson (1982:279) beskryf die volgende eetstoornisse, naamlik:

i) Ruminasie. Dit is waar die voedsel wat reeds ingesluk is deur willekeurige spierbewegings weer terugkeer na die mond en weer gekou word. Hierdie eetstoornis kom voor wanneer die kind gefrustreerd raak en in opstand kom.

ii) Pica. Die toestand ontstaan wanneer die kind alles eet wat voorkom as gevolg van ouer onbetrokkenheid.

iii) Vetsug. Dit is die gevolg van ooreet. Daar is baie redes waarom kinders oorgewig is, soos byvoorbeeld: ouers wat kinders met eetgoed beloon en belewinge van geborgenheid. Sommige pre-adolessente gebruik vetsug as 'n negatiewe versterker om die portuurgroep te vermy.

iv) Bulimie. Die verskynsel manifesteer waar die pre-adolessent hom ooreet en dan probeer ontkom deur vorme-

ring en purgering. Dit gaan gepaard met ernstige stres ervarings.

v) Anorexia nervosa. In hierdie toestand beleef die persoon 'n intense begeerte om maer te word en die persoon weier om te eet. Navorsing het getoon dat die probleem wat aanvanklik net by dogters voorgekom het, nou meer en meer by seuns voorkom. Hierdie kinders is teruggetrokke, hartseer, afsydig, rusteloos en slaap min. Hulle is dikwels perfeksionisties ingestel en werk hard op akademiese gebied. Verhoudingsprobleme binne die gesin gee aanleiding tot hierdie probleem (Van Niekerk et al.,1986:102; Sarason & Sarason,1984:13).

2.4.1.4 Veluitslag.

Daar is 'n noue verband tussen velaandoenings en die emosionele lewe van die kind. Velaandoenings soos jigagtigheid en ekseem ontstaan onbewustelik wanneer daar geen uitlaatklep is vir aggressiewe gedrag en emosionele stres nie. Veluitslag ontstaan wanneer emosionele konflik binne die persoon aanwesig is as gevolg van skuldgevoelens en 'n gebrek aan liefde, vertroosting en leiding (Adams et al.,1976:46).

2.4.1.5 Maagsimptome.

Maagpyne en krampe ontstaan as gevolg van skielike verandering in die eetpatroon van die pre-adolessent, soos impulsiewe eet of 'n gebrek aan eetlus as gevolg van stres. Dikdermontsteking kom gewoonlik voor by persone wat stres ervaar. Persone met maagswere is meer geneig om probleme te ondervind wanneer die situasie stresvol raak. Maagswere en maagkrampe is 'n verskynsel van die moderne samelewing en ontstaan as gevolg van stres (Greenberg,1984:88; Medeiros et al.,1983:14).

#### 2.4.1.6 Asemhalingsprobleme.

Die asemhalingstempo van die pre-adolessent kan emosionele stres verklik. Die persoon is geneig om nie diep en maklik asem te haal nie maar wel kort en oppervlakkig en sodoende ontstaan 'n suurstoftekort. Die persoon is uitasem, moeg en uitgeput wanneer hy voor ander persone praat (Sarason & Sarason,1984:173).

#### 2.4.1.7 Enurese.

Volgens Van Niekerk et al.(1986:102) kan emosionele probleme en verhoudingsprobleme binne die gesin die behoefte tot gedurige urinering by die pre-adolessent laat ontstaan. Stresvolle situasies ontstel die kind op so 'n wyse dat dit in bednatmaak manifesteer. Die kind bevind hom binne 'n disharmoniese opvoedingsdinamiek.

In 'n stresvolle situasie verkeer die liggaam onder geweldige druk en dit laat die suikergehalte van die bloed daal. Adrenalien word afgeskei om die suikergehalte te verhoog en dit is 'n geweldige skok vir die liggaam. Die toestand oefen 'n groot druk uit wat enurese kan veroorsaak (Medeiros et al.,1983:15).

#### 2.4.1.8 Konstante moegheid.

Kinders wat vermoeid en altyd moeg voorkom het nie die nodige energie om aan die eise van die lewe, ook die skoollewe te voldoen nie. Al hul energie gaan verlore in gespannenheid oor emosionele en fisiese ontwikkeling (Schultz & Heuchert,1983:29). 'n Kind wat met sy kop toe oë op die bank lê ervaar so 'n mate van stres dat dit moegheid veroorsaak. Baie kinders raak in die klaskamer aan die slaap om die stresvolle situasie te ontduik. Die kind ervaar 'n konstante

behoefte om te slaap al is daar fisies niks verkeerd nie (Smith & Leavitt,1979:2).

**2.4.1.9 Spiertrekkings.**

'n Pre-adolessent wat stres ervaar, is geneig om baie lomp voor te kom, veral by die uitvoering van take en opdragte wat sy selfbeeld kan belemmer. Die kind kan ook gesigstrekkings hê en onbeheerbaar huil as gevolg van stresvolle situasies (Honig,1986:53).

Pre-adolessente kan spiertrekkings ontwikkel wat wissel van 'n ooglid wat spring tot liggaamsrukkings wat later so erg raak dat dit die pre-adolessent anti-sosiaal maak (Medeiros et al.,1983:13).

**2.4.1.10 Selfbevredigende stimuli.**

Pre-adolessente wat geweldig stres ervaar pas selfbevredigende gedrag toe om die onaangename situasie te ontvlug of om die aandag van volwassenes op hom te vestig. Van Niekerk et al.(1986:100) wys op die stimulerende metode soos ruminasie waar die kind dit as 'n ontvlugtingsmetode ervaar. Selfbevredigende gedrag soos masturbasie, die vorentoe en agtertoe beweeg van die liggaam, die oop en toe swaai van die bene, die hande vasknyp tussen die bene is normaal by die meeste pre-adolessente. Hierdie tipe gedrag kan 'n gedragsprobleem en 'n afwykende gedrag tot gevolg hê wanneer te veel onbeheerbare stres ervaar word (Honig,1986:54).

2.4.1.11 Hoofpyn.

Volgens mediese beskouinge is hoofpyn 'n gevaarlike simptoom en nooit 'n siekte op sigself nie. Wanneer hoofpyn ondervind word, verkeer die liggaam onder geweldige stres. Skeelhoofpyn kom by die pre-adolessent voor wat meer

sensitief is vir omstandighede en situasies wat stres veroorsaak. Emosionele stres kan skeelhoofpyne veroorsaak wat 'n simptomatiese simptoom van opstandigheid, straf of frustrasie kan wees (Sarason & Sarason,1984:17).

### 2.4.2 EMOSIONELE MANIFESTASIES.

#### 2.4.2.1 Angs.

Die pre-adolessent wat angs ervaar beskou dit dikwels as iets in homself eerder as in die omgewing. Wanneer die pre-adolessent bewus is van sy angsstoornisse en homself as ontoereikend beskou manifesteer dit dikwels in teruggetrokkenheid, oorafhanklikheid, skaamheid en selfs oorsensitiwiteit. Die kind wat angs beleef maak nie maklik maats nie, is baie selfbewus, is emosioneel onvolwasse vir sy ouderdom, huil maklik en is 'n onderdanige kind. Die pre-adolessent wat sodanige stres ervaar manifesteer die volgende gedrag naamlik: maagpyne, naarheid en rusteloosheid. Die gevoel van onsekerheid en hulpeloosheid kan stres veroorsaak (Van Niekerk et al.,1986:92).

#### 2.4.2.2 Slaapstoornisse.

Slaapstoornisse ontstaan wanneer die kind stres ervaar wat onderdruk word deur gedragsprobleme. Tydens slaap is die kind rusteloos, skrik kort-kort wakker, ervaar aaklige benoude drome en is nat gesweet. Die kind word skielik wakker, skree en reageer verward totdat hy kalmeer. Slaapstoornisse plaas die liggaam onder stres. Kinders wat slaapstoornisse ervaar se bloedsuiker is laag en hierdie lae bloedsuiker is 'n reaksie van die liggaam op stres (Kritzinger et al.,1972:510; Smith & Leavitt,1979:7)

2.4.2.3 Kners van tande.

Die st 5-leerling wat tande kners terwyl hy slaap, selfs wanneer hy in 'n droomwêreld verval, ervaar stres. Die kind sal kla van kakebene en tande wat seer is. Gewoonlik besef hy nie dat hy op sy tande kners nie. In 'n stresvolle situasie kan hy so op sy tande kners dat hy nie in staat is om sy mond oop te maak nie (Medeiros et al.,1983:13). Hierdie kind kan 'n gevoel van onsekerheid ten opsigte van elke situasie openbaar.

**2.4.2.4 'n Gevoel van onveiligheid en magteloosheid.**

Die kind voel onveilig en ongelukkig, en elke situasie, insluitende die omgewing, kan stres veroorsaak. Die kind huil maklik, kom verward voor en beleef veral besondere eensaamheid. Hulle raak maklik kwaad en is oorsensitief omdat hulle nie 'n hegte verhouding met hulle portuurgroep kan opbou nie. 'n Gedrag wat hierdie tipe kind soms openbaar is gekskeerdery en hansworstery om die aandag op hom te probeer vestig. Hierdie kind gaan gebuk onder geweldige emosionele stres (Greenberg,1984:87-89).

**2.4.2.5 Psigo-somatiese siektes.**

Navorsers soos Schultz & Danielsson (1983:26) beweer dat wanneer 'n kind stres ervaar sekere vorme van gedrag soos maagpyne, maagkrampe, duisligheid en naarheid na vore kom. Die st 5-leerling word nou gedwing om alternatiewe gedrag te openbaar om die stresvolle situasies en omgewing te neutraliseer. Met hierdie gedrag word hy deur sy portuurgroep en volwassenes aanvaar.

### 2.4.2.6 Frustrasie.

Frustrasie ontstaan wanneer 'n onaangename gevoel teenwoordig is as gevolg van blokkering van doelwitbereiking. Frustrasie is 'n gevoel van teleurstelling, woede en aggressie (Quinn,1984:189). Wanneer die pre-adolessent nie die doelwit bereik wat hy vir homself daargestel het nie, of die tyd om 'n sekere doelwit te bereik nie voldoende is nie ontstaan frustrasie. Frustrasie kan ontstaan as gevolg van stres. Die portuurgroep en volwassenes dra by tot die gevoel van frustrasie. Die pre-adolessent voel daar word van hom verwag om 'n sekere doel te bereik, maar hy is self magteloos om iets daaraan te kan doen (Wright,1975:100; Varma,1984:9). Frustrasie kan ontstaan as gevolg van persoonlike beperkings en onrealistiese doelwitte. Wanneer die verstandelike en die fisiese vermoë van die pre-adolessent hom nie in staat stel om sekere doelwitte te bereik nie, kan frustrasie ontstaan. Frustrasie is deel van die daaglikse lewe (Houston et al.,1983:361).

### 2.4.2.7 Depressie.

Depressie by die pre-adolessent kan beskryf word as 'n gevoel van hulpeloosheid, hartseer, 'n swak selfbeeld en'n neiging tot onttrekking vind plaas. Die pre-adolessent wat in 'n depressiewe toestand verkeer, kan die volgende gedrag openbaar naamlik: verlaagde selfbeeld; gevoelens dat hulle niks werd is nie; gevoelens dat dit altyd met hulle sleg sal gaan en dat hulle in alle take sal misluk. Simptome soos stokkiesdraai, woedeuitbarsting, ongehoorsaamheid, sosiale onttrekking, wegloop van die huis af en psigo-neurotiese simptome soos skoolfobie en onderprestasie word deur die pre-adolessent openbaar (Erickson,1982:268; Stonestreet,1985:87).

Navorsers soos Van Niekerk et al.(1986:91) maak van die term "gemaskerde" depressie gebruik. "Gemaskerde" depressie ont-

staan wanneer te veel stres ervaar word en die kind dit nie meer kan hanteer nie. Simptome soos hiperaktiewe gedrag; hoofpyne; maagpyn en naarheid kan waargeneem word.

Volgens Le Roux (1968:157) word 'n kind depressief wanneer daar 'n geweldige konflik ten opsigte van sy sekuriteit en liefde bestaan. Ouers en onderwysers wat in woordewisseling betrokke is en raas kan die kind emosioneel so ontwrig dat stres onbeheerbaar word.

2.4.2.8 Hakkel.

Hakkel kan teruggevoer word na gevoelens van onsekerheid en diepliggende stres. Die ontmoedigde kind se stemtoon deel sy gevoel van ontmoediging aan die hoorder mee. Kinders met spraakprobleme soos hakkel, het te make met ouers en onderwysers wat die kind afhanklik hou, deurdat die kind gedurig voorgesê word wat om te doen. As die volwassene geen opstandigheid en eie inisiatief van die pre-adolessent toelaat nie, word hy gedwing om hierdie stresgevoelens teë te werk, op grond waarvan die stres kumulatief toeneem. Stotter is 'n oorvereenvoudiging van die hakkelverskynsel (Van Niekerk,1956:91; Selye,1976:175).

2.4.2.9 Hartkloppings.

Hartkloppings is 'n aanduiding van toenemende stresvolle situasies en omgewing wat by die pre-adolessent teenwoordig is (Spielberger & Sarason,1986:367). Emosionele stres laat die hart vinniger pomp, met die gevolg dat die bloeddruk styg en geweldige hoofpyn, duisligheid, visuele versteurings en moegheid ervaar kan word. Koronêre hartprobleme se oorsprong kan alreeds in die kinderjare begin as gevolg van stresvolle situasies en omgewings (Sarason & Sarason,1984:163).

2.4.2.10 Teruggetrokke kind.

Oormatige teruggetrokkenheid by die pre-adolessent kan die gevolg van stres wees. Die kind voel bang dat hy nie vir sy portuurgroep en ouers aanvaarbaar is nie. Dit lei tot terneergedruktheid, angs en vrees. Later probeer hy nie meer om almal tevrede te stel nie. Die skoolsituasie kan tot ernstige teruggetrokkenheid lei in 'n poging om stres te vermy. Die verandering in die liggaam wat as gevolg van stres plaasvind kan die liggaamsbalans versteur, wat hom of haar anders maak as die portuurgroep. Die pre-adolessent wil juis in die stadium nie anders wees nie en voel uiters ongelukkig en terneergedruk daaroor. Die kind wat stres ervaar in die skoolsituasies het geen vriende, speel nooit met ander kinders nie en bied nooit aan om in die klas voor te dra nie (Van Niekerk,1956:183; Wolff,1981:35-37).

2.4.2.11 Senuweeagtigheid.

Volgens Medeiros et al.(1983:13) is die senuweeagtige kind 'n ongelukkige, eensame kind. Swak visie, -gehoor en -konsentrasie kan stres veroorsaak.

2.4.3 PSIGO-SOSIALE SIMPTOME.

2.4.3.1 Skool- en ontspanningsaktiwiteite.

Die pre-adolessent wat stres ervaar is geneig om minder aan skool- en ontspanningsaktiwiteite deel te neem. Alle aktiwiteite is vir hulle tydrowend omdat hulle nie goed kan beplan nie (Garbers,1979:37). Seuns wat in die pre-adolessente stadium is, is uiters rusteloos. Hulle vind dit moeilik om lank stil te sit en te konsentreer. Hulle hou

daarvan om met hulle maats te kompeteer en om kragte te meet. Pre-adolessente wat in 'n mate stres ervaar is gedurig besig om iets te doen, al is dit ook net 'n gestamp, gestoei, tergery of om maats met penne te steek en skoor te soek. Indien hierdie gedrag as verkeerd vertolk word, kan dit verdere stres veroorsaak (Honig,1986:53). Om stres te verwerk, sal die pre-adolessent abnormaal aan 'n aktiwiteit begin deelneem deur te min of te veel tyd daaraan te spandeer (Greenberg,1984:88). Die stimulasie wat die pre-adolessent in sy ontspanningsaktiwiteit ontvang kan onsekerheid veroorsaak en aanleiding gee tot stres. Films, radio, televisie, boeke en opvoerings kan die pre-adolessent so verwar dat hy te veel tyd aan die aktiwiteite spandeer en dit dan deel word van sy pre-adolessente lewe en ook sy latere leefstyl (Josselyn,1972:32).

2.4.3.2 Aggressiewe gedrag.

Aggressiwiteit kom dikwels voor by pre-adolessente wat stres ervaar. Aggressiewe gedrag kan in baie vorme manifesteer, van skadelose skelwoorde tot afknouing of besering van ander. Chroniese buierigheid of heftige humeuruitbarstings kan onderliggend wees aan stres.

Die kind is onredelik teenoor ander en teenoor homself. Die kind is ook so onseker van homself dat hy kwaad word vir almal, selfs vir homself (Chandler,1982:44). Die pre-adolessent wat opstandig is probeer aanspraak maak op aandag om ontslae te raak van stres-veroorsakende belewing van eensaamheid en verstotenheid (Greenberg,1984:89).

Wanneer die pre-adolessent tot selfontdekking en selfevaluering van die waardes en normes wat aan hom voorgehou word kom en hy dan besef dat die dade en woorde van volwassense nie ooreenstem nie, kan dit tot stres lei omdat die kind verwar word. Die enigste manier om hierdie stres te verwerk is deur aggressiewe gedrag. Die pre-adolessent kan aggressiewe gedrag beskou as die beste uitweg om die wêreld,

mense en situasies te hanteer en verwerk (Houston et al.,1983:389). Honig (1986:53) toon aan dat aggressiewe gedrag selfs teenoor maats, volwassenes, diere en voorwerpe kan plaasvind.

Die volgende gedragspatrone by kinders behoort noukeurig dopgehou te word: kinders wat onderpresteer, nie hul samewerking gee nie, met alles saam stem, nie beloftes hou nie en nie met 'n taak kan volhard nie. Hulle openbaar passiewe aggressiewe gedrag as gevolg van stres (Chandler,1982:36).

**2.4.3.3 Besluitloosheid.**

Stres kan daartoe bydra dat 'n kind besluitloos word. So 'n kind is nie in staat om tot besluitneming oor te gaan nie en sal gewoonlik wag vir ander om 'n keuse of oordeel te maak of leiding te neem. In die skoolsituasies vermy hulle situasies waar leiding geneem moet word. So 'n kind is baie afhanklik van ander se keuses, besluite en oordele vir sy daaglikse bestaan. Die kinders is te onseker om 'n finale keuse te maak. Dit is vir hierdie kind ook moeilik om enige probleem te bespreek omdat dit tot stresvolle besluitneming kan lei (Chandler,1982:64; Greenberg & Valletutti,1980:72).

**2.4.3.4 Die gebruik van afhanklikheidsvormende middels.**

Misbruik van afhanklikheidsvormende middels is 'n aanduiding dat die pre-adolessent stres ervaar. Die middels word soms misbruik om vriende te beïndruk en in die portuurgroep aanvaar te word. Soms bring dit ontspanning en ontvlugting mee. Die pre-adolessent wil die werklikheid vervaag om sodoende verantwoordelikhede te ontduik. Hierdie verskynsel kan plaasvind wanneer daar meer as die gewone druk in die lewe van die pre-adolessent bestaan (Pistorius,1971:169; Le Roux,1968:103).

2.4.3.5 Stokkiesdraai.

Wanneer die pre-adolessent stokkiesdraai getuig sy optrede van desperaatheid om van ondraaglike stres weg te kom. Die kind is gewoonlik angstig, sensitief en poog om die eise van die lewe te ontduik. Hy ondervind geen of min sukses en status in die skool en het kommunikasieprobleme. Die stokkiesdraaier is ongelukkig by die huis, ontevrede met homself en onpopulêr by die skool. Hy is skoolmoeg, beleef gevoelens van ontoereikendheid, ervaar stres oor sy maats se dunk van hom en voel minderwaardig. Die skoolsituasie is vir hom te stresvol om homself ten volle uit te leef (Van Niekerk,1956:193; Garbers,1979:50).

2.4.3.6 Skoolfobie.

Skoolfobie is 'n skeidingsangs wat teenwoordig is wanneer pre-adolessente van hul ouers geskei moet wees. Beide kind en ouer ervaar 'n gevoel dat iets sal gebeur en dat hulle mekaar sodoende nooit weer sien nie (Van Niekerk et al.,1986:93).

## 2.4.4 PSIGOLOGIESE MANIFESTASIE.

2.4.4.1 Onvermoë om te konsentreer.

Volgens De Wet et al.(1981:202) is konsentrasie die vermoë om 'n persoon se aandag so te beheer dat dit vir 'n bepaalde tydperk nie afgelei word nie. Wanneer 'n mens konsentreer, is jy in staat om alle steurende interne en eksterne faktore te weerstaan. Pre-adolessente wat stres ervaar kan nie konsentreer nie en 'n gevoel van ontoereikendheid word ervaar. Dit gee daartoe aanleiding dat die kind nooit take of

opdragte voltooi nie. Die pre-adolessent reageer op enige stimulus om die stressituasie te ontduik.

### 2.4.4.2 Vrese.

Elke persoon het in 'n mate vrees wat in stres manifesteer en wat van persoon tot persoon verskil. Die meeste kinders ervaar op een of ander stadium vrees. Dit hou verband met 'n kind se optrede in 'n spesifieke situasie. Dogters ervaar meer vrees as seuns. Die kind wat stres ervaar, ervaar vrees teenoor alles en almal, dit gee aanleiding tot fobieë. Vrese kan ook denkbeeldig wees (Allen & Green,1988:3; Spielberger & Sarason,1986:253).

### 2.4.4.3 'n Gevoel van verworpenheid.

'n Kind kan 'n gevoel van verworpenheid teenoor die stresveroorsakende openbaar. Verwerping is 'n negatiewe houding teenoor daardie elemente wat vir stres verantwoordelik is (Gouws et al.,1979:322).

Verwerping kan as sosiale onttrekking en vermydingsgedrag gesien word omdat die kind nie oor die nodige interaksievaardighede beskik om stressituasies te verwerk nie. Die kind wat sy skoolwerk verwerp openbaar prikkelbaarheid teenoor dit wat stres veroorsaak (Schultz & Heuchert,1983:27).

### 2.4.4.4 Gedragsmanifestasie.

Navorsers soos Smith & Leavitt (1979:3) het die volgende gedragsmanifestasie by die kind wat stres ervaar bevind. Hierdie gedragsmanifestasie verskil egter van kind tot kind.

* Geïrriteerdheid. As gevolg van situasies soos eksaminering en evaluering beskik die kind oor 'n lae frustrasiedrempel. Die pre-adolessent kom aggressief en lui voor.

* Wisselende toestande. Dit is kenmerkend van die pre-adolessente wat terselfdertyd ook stadige leerders is. Sulke leerders ondervind moeite met die aanleer en verstaan van nuwe begrippe. Die probleem gaan gepaard met gehoor- en spraakprobleme.

* Gevoelloosheid. 'n Gebrek aan sekuriteit of dissipline manifesteer dikwels in gevoelloosheid.

* Hulpeloosheid. Die noodleidende kind tree dikwels nie selfversekerd op nie. Dit kom tot uiting in die feit dat hy onaktief is en bly tydens klasonderrig. So 'n kind openbaar soms ook infantiele taalgebruik (Chandler, 1982:48).

* Rusteloosheid. Hierdie eienskap is kenmerkend van die hiperaktiewe kind wat geneig is om tydens klasonderrig rond te dwaal en allerlei steurings te veroorsaak. Die tipe kind kan homself nie motiveer tot deelname aan konstruktiewe spel en werk nie.

* Botsende gedrag. 'n Kind wat gedurig in konfliksituasies met sy maats, ouers en onderwysers verwikkeld is, ervaar stres. Die kind reageer instinktief tydens 'n bakleiery, eerder as wat dit vir hom 'n kuns is. Daarom is daar geen beheer tydens woordewisseling nie en kondig hy met eer aan hoe hy ander seergemaak het.

* Impulsiewe gedrag. Die gedrag manifesteer in rustelose, oordrewe anti-sosiale en aggressiewe optredes. Die kind is dikwels geneig tot oorreaksie. Die gedragspatroon veroorsaak agterlosigheid tydens die uitvoer van take en sy aandag is maklik afleibaar.

* Onderdrukte gedrag. Dit is kenmerkend van kinders wat abnormaal stil, skaam, teruggetrokke en soms humeurig is en in afsondering leef. Die kind verval maklik in dagdromery en knoop selde 'n gesprek aan. Sensitiwiteit en die ervaring van stres tydens elke moontlike situasie is 'n tipiese optrede van kinders met 'n onderdrukte gedragspatroon.

In die bogenoemde paragrawe is die manifestasie van stres in die algemeen bespreek. Vervolgens word op die manifestasie van stres by die st 5-leerling in die skoolsituasie gelet.

## 2.5 Manifestasie van stres in die skoolsituasie.

Die volgende gedragsmanifestasie kan algemeen in die skoolsituasie plaasvind (Greenberg,1984:83; Hermans et al.,1982:10; Arnon,1986:12).

### 2.5.1 Oorbeplanning.

Die pre-adolessent wat stres ervaar is geneig om alles wat hy aanpak binne 'n gegewe tyd te voltooi, met die gevolg dat alles oorbeplan word. Die doelwitte wat gestel word is gewoonlik onrealisties, hy wil binne die kortste moontlike tyd soveel moontlik doen.

### 2.5.2 Hiperdenke.

Die kind dink in veelvoudige fases en onderneem meer as een aktiwiteit gelyktydig. Hy is geneig om enige tyd in die klas

te praat en almal in die rede te val. 'n Kind met hiperdenke se besluite word vinnig geneem, maar sodanige besluite kan dikwels onnadenkend en onjuis wees.

### 2.5.3 Wenmotief.

Die wenmotief word soms by die kind wat stres ervaar 'n obsessie. Hy vind dit noodsaaklik om gelukkig te wees en vreugde te ervaar en beskou dikwels die eenvoudigste spel as 'n lewensbelangrike kompetisie wat gewen moet word.

### 2.5.4 Behoefte aan erkenning.

Hierdie kind sal enigiets doen net om erkenning te ontvang. Sy strewe na erkenning is groter as sy strewe na die ervaring van sukses.

### 2.5.5 Onvermoë om te ontspan.

Die kind wat stres ervaar kan nooit ten volle ontspan nie, want 'n gevoel van angs is altyd teenwoordig. Die kind openbaar geen drang om aktief te wees deur byvoorbeeld 'n stokperdjie te beoefen nie. Hierdie tipe kind is geneig om alles vinnig te doen.

### 2.5.6 Ongeduld ten opsigte van onderbrekings.

'n Kind wat onder druk is tree ongeduldig op teenoor persone wanneer opdragte nie na wense vorder nie. Die kind hou gewoonlik nie van die manier waarop ander werk nie. So 'n kind neig om alle aktiwiteite waarmee hy besig is te bespoedig.

### 2.5.7 Oorbetrokkenheid.

Hierdie kind het 'n hoë mate van betrokkenheid by skoolwerk of opdragte en ander aktiwiteite. Hierdie betrokkenheid is dikwels tot nadeel van sy eie persoonlike lewe.

### 2.5.8 Tydsprobleme.

Die kind wat stres ervaar is altyd van die dringendheid van tyd en keertye bewus. Hy probeer voortdurend om soveel doelwitte moontlik in die kortste tyd te bereik. In alle aktiwiteite is daar 'n tydsprobleem. Greenberg (1984:85) stel dit so: "they seem to live by the stopwatch --- they become slaves to time".

### 2.5.9 Behoefte aan persoonlike verhoudings.

'n Kalm, rustige, warm en vriendelike atmosfeer is bevorderlik vir prestasie verbetering by 'n kind wat aan stres onderhewig is. In 'n formele klaskamersituasie voel sodanige kind nie veilig en geborge nie. Die kind wil met iemand,

soos wie hy graag sou wees, identifiseer. Hierdie identifikasie gaan met bewondering gepaard.

### 2.5.10 Positiewe verwagtings.

Vir die kind wat stres ervaar moet daar altyd positiewe verwagtings in die vooruitsigte gestel word, voordat enige taak of opdrag uitgevoer sal word.

## 2.6 Samevatting.

In hierdie hoofstuk is daar eerstens besin oor die oorsake wat vir stres verantwoordelik is, en tweedens is die manifestasie van stres bespreek.

In die volgende hoofstuk 3 word die meetinstrumente wat vir die navorsing gebruik is beskryf.

# DIE METODE VAN ONDERSOEK.

## 3.1 Inleiding.

Die metode van ondersoek word in hierdie hoofstuk teoreties begrond. Die gebruik van 'n stresinventaris word as die mees toepaslike tegniek in die uitvoering van hierdie ondersoek gemotiveer. Die empiriese ondersoek en die samestelling van die stresinventaris word vervolgens bespreek. Ten slotte word die aandag op die terugontvangste gevestig.

## 3.2 Doel van die ondersoek.

Die doel van hierdie ondersoek is:

om empiries te bepaal in hoe 'n mate stres by 'n groep st 5-leerlinge aan Afrikaanssprekende laerskole voorkom.

## 3.3 Enkele ondersoekmetodes en keuse van die meetinstrument.

Die mees praktiese ondersoekmetode, wat aan die geldigheids- en betroubaarheidsvereistes voldoen en waarmee die verlangde inligting bekom kon word, moes vir die doel geïmplementeer word. Daar is vervolgens aandag geskenk aan:

i) persoonlike besoeke aan primêre skole waartydens stresinventarisse onderleiding van die ondersoeker deur die ondersoekgroep ingevul kon word.

ii) 'n stresinventaris wat tuis deur die ondersoekgroep ingevul kon word asook

iii) 'n stresinventaris wat in die skool deur die ondersoekgroep ingevul kon word.

Aangesien die skole binne die ondersoeker se werkarea val en dus maklik bereik kon word en die persoonlike teenwoordigheid van die ondersoeker onnodige probleme met betrekking tot die invul van die stresinventaris kon uitskakel, is op eersgenoemde metode besluit.

## 3.4 Die ontwerp van die stresinventaris as meetinstrument.

Ofskoon verskillende instrumente ontwikkel is om bronne van stres by volwassenes te bekom (vgl. Cichon & Koff,1976; Kyriacou & Sutcliffe,1987 en Fimian,1984) is daar sover vasgestel kan word, oorsee slegs enkele instrumente ontwikkel om die voorkoms van stres by kinders te bepaal. As gevolg van 'n anderssoortige situasie in die Republiek van Suid-Afrika is nie een van hierdie instrumente geskik geag vir die gebruik in die onderhawige ondersoek nie. In die Republiek van Suid-Afrika is daar sover vasgestel kan word geen instrument waaraan die faktore wat vir stres by kinders verantwoordelik is gemeet kan word nie. 'n Eiesoortige stresinventaris moes vir die ondersoek ontwikkel word.

Met die oog op die akkuraatheid en volledigheid van die ondersoek is drie st 5 groep leerlinge wat die laerskole verteenwoordig in die ondersoek betrek.

Aan elk van die drie groepe is verduidelik dat sekere alledaagse situasies, gebeurtenisse en selfs die mens se omgewing 'n bepaalde invloed op 'n mens het. Die intensiteit van die reaksie daarop kan wissel van persoon tot persoon en situasie tot situasie. Hierdie reaksie kan van oormatige sweet tot hare trekkery wissel. Ten einde objektiewe resultate te bekom is besluit om tydens die verduidelikings nie na die woord stres te verwys nie.

Na aanleiding van inligting wat met literatuurstudies ingewin is, is die stresinventaris in die volgende drie afdelings ingedeel: skool-; persoonlike- en huislike faktore. Vrae is gestel om die proefpersone te lei om onder elke afdeling drie faktore te formuleer wat vir stres verantwoordelik is.

Waardevolle bydraes is van die respondente ontvang en is saam met verbandhoudende items wat in die literatuur geïdentifiseer is gebruik om 'n voorlopige stresinventaris saam te stel. Die eerste redaksie van die stresinventaris, bestaande uit 44 items, is vir redigering aan 'n aantal keurders (kollegas) voorgelê. Die doel was om onduidelike en dubbelsinnige items te identifiseer. Aan die hand van die wenke en aanbevelings is die items van die inventaris geformuleer om binne die st 5-leerling se begripsvlak te val.

## 3.5 Die eerste redaksie van die stresinventaris.

Skoolsituasies soos eksamenskryf, druiping, swak prestasie, verhoudings met onderwysers, huiswerkopdragte, aanpassing by 'n nuwe skool, bepaalde vakke, kind-tot-kind verhoudings, leerprobleme, spandeelname en prestasie op sportgebied is vir baie leerlinge potensiële stressors (Kyk paragraaf 2.3.5). Daar is besluit om meer inligting oor die bydrae wat hierdie faktore tot stres maak, te bekom.

* Vraag 1 Om 'n toets of eksamen te skryf.

* Vraag 2 Dat ek 'n toets of eksamen sal druip.

* Vraag 3 Dat ek st5 moontlik sal druip.

* Vraag 4 Punte op my rapport is nie na wense.

* Vraag 5 Dat ek deur die onderwyser gestraf sal word.

* Vraag 6 Die gedagte aan huiswerk.

* Vraag 7 Onderwysers se opmerkings pla my.

* Vraag 8 Dat die onderwyser op my sal skree.

* Vraag 9 Dat ek die bespotting van die klas sal wees.

* Vraag 10 Die gedagte aan 'n sekere onderwyser.

* Vraag 11 Dat ek by 'n nuwe skool moet begin.

* Vraag 12 Die vakke vir st 6.

* Vraag 13 Die kies van 'n hoërskool.

* Vraag 14 Ek vaar akademies nie goed genoeg nie.

* Vraag 15 'n Nuwe onderwyser.

* Vraag 16 Dat ander kinders voorgetrek word.

* Vraag 17 Dat ek nie goed genoeg kan lees nie.

* Vraag 18 Dat ek nie goed genoeg kan leer nie.

* Vraag 19 Dat ek nie goed genoeg kan praat voor ander nie.

* Vraag 20 Dat ek nie vir 'n span gekies sal word nie.

* Vraag 21 Dat ek nie in sport sal uitblink nie.

* Vraag 22 Om te verloor.

In die literatuur is bevind dat (vgl. paragraaf 1.2) persoonlike faktore soos voorkoms, die onbekende toekoms, mislukkings, eensaamheid, aanvaarding en keuse maak by baie leerlinge in 'n meerdere of mindere mate vir stres verantwoordelik is. Die intensiteit daarvan sal met items in die inventaris getoets word.

* Vraag 23 My voorkoms (Ek word vet, puisies, maer).

* Vraag 24 Die onbekende, soos die toekoms, nag.

* Vraag 25 Dat ek nie sal weet wat om te doen nie.

* Vraag 26 Oorlog; terrorisme; bomontploffings.

* Vraag 27 Om te misluk.

* Vraag 28 Eensaamheid.

* Vraag 29 Word nie deur my maats aanvaar nie.

* Vraag 30 Om blind te word.

* Vraag 31 Om verlam te word.

* Vraag 32 Dat my ouers vir my 'n keuse sal maak.

Uit die literatuur blyk dit ook dat huislike faktore soos die dood van 'n geliefde, die verhouding tussen ouers en kinders, siekte en finansies vir die pre-adolessent stresvol kan wees (Kyk paragraaf 2.3). Die bydrae van hierdie faktore tot stres word met items in die inventaris getoets.

* Vraag 33 Die dood van 'n ouer.

* Vraag 34 Die dood van 'n broer of suster.

* Vraag 35 Die gedagte aan die dood.

* Vraag 36 My ouers straf my.

* Vraag 37 Ouers maak rusie.

* Vraag 38 Indien my ouers sou beluit om te skei.

* Vraag 39 Siekte in die huis.

* Vraag 40 Daar is nie genoeg geld nie.

* Vraag 41 'n Ouer moet hospitaal toe gaan.

* Vraag 42 Kry nie sakgeld nie.

* Vraag 43 Indien my pa of ma weer trou.

* Vraag 44 Dat my liggaamlike veranderinge nie bespreek word nie.

Elke vraag is op 'n 4-punt Likert-tipe skaal beoordeel (Die keuse van response volgens kategorieë).

Voorbeeld 1

| | Besonder baie | baie | Redelik | Geen |
|---|---|---|---|---|
| a) Die gedagte aan huiswerk | 1 | 2 | 3 | 4 |

Respondente is versoek om elkeen van die items op 'n 4-punt Likert-tipe skaal te beoordeel sou dit vir besonder baie,

baie, redelik of geen stres verantwoordelik wees (sien bylaag 2).

### 3.6 Tweede redaksie van die stresinventaris.

Die stresinventaris is met die studieleier bespreek en nadat sekere redaksionele wysings aangebring is, is die tweede redaksie, wat uit 49 items bestaan opgestel (bylaag 2). Die inventaris is vir 'n loodsondersoek aan 'n aantal st 5-leerlinge vir invul voorgelê. Slegs kleinere tegniese wysigings is hierna nodig geag. Goedkeuring is van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry om die stresinventaris aan leerlinge in skole vir invul beskikbaar te stel.

### 3.7 Keuse van proefpersone.

Die ideaal sou wees om die hele universum st 5-leerlinge in Transvaal by die ondersoek te betrek. Aangesien dit die uitvoering van die studie kon vertraag en besondere finansiële implikasies sou hê, is dit as prakties onuitvoerbaar beskou. Na konsultasies met die Statistiese Konsultasiediens van die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO en die studieleier is besluit om die ondersoekgroep tot st 5-leerlinge in die Vaaldriehoek te beperk.

### 3.8 Metode van steekproefneming.

Proefnemings soos die ewekansige-, gestratifiseerde-, tros-, sitstematiese-, twee- en meerfasigesteekproefneming is vir

gebruik in hierdie ondersoek oorweeg. Na sorgvuldige oorweging van die voor-en nadele van elk van die metodes is op die trossteekproefneming besluit. 'n Trossteekproefneming word gedoen wanneer lede van die universum saamgegroepeer word in skole of klasse. Volgens hierdie metode is dit gerieflik en ekonomies om die groepe te nommer. In hierdie studie is skole genommer en die respondente in die klasse het die populasie gevorm. Die respondente vorm die steekproef wat in hierdie ondersoek gebruik is. Al die lede van 'n groep moet by die steekproef ingesluit word (Youngman,1978:28).

## 3.9 Steekproefgrootte.

Al 11 Afrikaansmedium laerskole in Vanderbijlpark is by die ondersoek betrek. Na oorlegpleging met die Statistiese Konsultasiedienste is besluit om 10 klasse met 30 leerlinge per klas te betrek. 322 st 5-leerlinge het aan die ondersoek deelgeneem. Die steekproef verteenwoordig ongeveer 40% van die st 5-populasie in die Vaaldriehoek.

## 3.10 Begeleidende brief.

In 'n begeleidende brief aan die hoofde van die 11 Afrikaansmedium laerskole is die doel van die stresinventaris ten aanvang omskryf, waarna aangedui is dat toestemming van die Direkteur van Onderwys ontvang is om die stresinventaris deur 'n aantal st 5-leerlinge te laat invul.

Met beklemtoning van die vertroulikheid van die inligting is 'n beroep op die respondente gedoen om openhartig te respondeer.

## 3.11 Statistiese tegnieke.

Die statistiese konsultasiediens van die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO het die statistiese verwerking gedoen. Frekwensies en persentasies vir die stresinventaris is met behulp van SAS en BMDP-rekenaarprogramme bepaal.

## 3.12 Terugontvangste.

Tabel 3.1 bied 'n weergawe van die aantal leerlinge wat gerespondeer het.

Tabel 3.1 Aantal inventarisse ingevul en terugontvang

| Skole | Dogters | | Seuns | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | afgeneem | terug ontvang | afgeneem | terug ontvang | |
| 1 | 21 | 21 | 17 | 17 | 38 |
| 2 | 16 | 16 | 14 | 14 | 30 |
| 3 | 15 | 15 | 21 | 21 | 36 |
| 4 | 18 | 18 | 14 | 14 | 32 |
| 5 | 16 | 16 | 11 | 11 | 27 |
| 6 | 10 | 10 | 13 | 13 | 23 |
| 7 | 17 | 17 | 15 | 15 | 32 |
| 8 | 14 | 14 | 12 | 12 | 26 |
| 9 | 18 | 18 | 27 | 27 | 45 |
| 10 | 8 | 8 | 7 | 7 | 15 |
| 11 | 6 | 6 | 12 | 12 | 18 |
| Totaal 11 | 159 | 159 | 163 | 163 | 322 |

| | | % |
|---|---|---|
| Ingevul | 322 | |
| Terugontvang | 322 | 100 |

## 3.13 Gevolgtrekking.

100% terugontvangste was moontlik omdat die ondersoeker persoonlik die inventaris by die skole laat invul het.

## 3.14 Samevatting.

In hierdie hoofstuk is die doel van die empiriese ondersoek gemotiveer. Die keuse van die ondersoekmetode is bespreek en dit is gevolg deur 'n bespreking van die inventaris as empiriese navorsingsmetode. Die keuse van die proefpersone is bespreek en die samestelling van die inventaris is onder die volgende punte behandel: keuse van die soort items, eerste redaksie, rangskikking van items, lengte en voorkoms van die inventaris. Daar is ten slotte aan die begeleidende brief asook statistiese tegnieke aandag gegee.

In hoofstuk 4 sal 'n analise en bespreking van die inventarisresponse gemaak word.

# HOOFSTUK 4

## RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK.

### 4.1 Inleiding.

Soos reeds vermeld is die doel van hierdie ondersoek om die voorkoms van stres by 'n groep st 5-leerlinge te bepaal.

In hierdie hoofstuk word die stresinventarisresponse met betrekking tot die biografiese besonderhede, skoolfaktore, persoonlike faktore en huislike faktore chronologies aangebied, geanaliseer en geïnterpreteer.

### 4.2 Biografiese besonderhede van die ondersoekgroep.

In hierdie paragraaf word die geslag, ouderdom, posisie in die gesin, woning en werksituasie van die ouers van respondente geanaliseer en geïnterpreteer. Data word in tabel 4.1 aangebied.

4.2.1 **Tabel 4.1**

| Geslag | n | % |
|---|---|---|
| Seuns | 163 | 51 |
| Dogters | 159 | 49 |
| Totaal | 322 | 100 |
| Ouderdom in jare | | |
| 11 | 0 | 0 |
| 12 | 124 | 38,5 |
| 13 | 163 | 51 |
| 14 | 33 | 10 |
| 15 | 2 | 0,5 |
| ouer | 0 | 0 |
| Totaal | 322 | 100% |
| Posisie in die gesin | | |
| enigste | 21 | 7 |
| oudste | 108 | 34 |
| jongste | 102 | 31 |
| ander | 91 | 28 |
| Totaal | 322 | 100 |
| Inwoning | | |
| albei ouers | 262 | 81 |
| Moeder | 48 | 15 |
| Vader | 6 | 2 |
| ander | 6 | 2 |
| Totaal | 322 | 100 |
| Werksituasie | | |
| Vader werk Ja | 297 | 93 |
| Nee | 23 | 7 |
| Totaal | 322 | 100 |
| Moeder werk Ja | 159 | 49,5 |
| Nee | 163 | 50,5 |
| Totaal | 322 | 100 |

### 4.2.2 Analise van response.

Vraag 1.

Vraag 1 in die inventaris het die respondente se geslag bepaal. Die gegewens is in tabel 4.1 weerspieël. Die ondersoekgroep het bykans uit eweveel seuns as dogters bestaan.

Vraag 2.

Met vraag 2 in die inventaris is die ouderdom van die ondersoekgroep bepaal. Die meerderheid naamlik 51% (163 uit 322) van die respondente is 13 jaar oud (sien tabel 4.1).

Vraag 3.

Met vraag 3 is daar by die respondente vasgestel wat hulle posisie in die gesin is. Volgens die gegewens in tabel 4.1 is daar 'n goeie verspreiding van die respondente van enigste tot byvoorbeeld die jongste of die oudste in die gesin.


Vraag 4.

Daar is by die respondente bepaal by wie hulle woon. Die inligting is met vraag 4 versamel en in tabel 4.1 aangebied. Die oorgrote meerderheid respondente, naamlik 81,00% (262 uit 322) woon saam met albei die ouers.

Vraag 5.

Met vraag 5 is daar by die resondente vasgestel wat die werksituasie van die ouers is (sien tabel 4.1). Dit blyk dat die oorgrote meerderheid vaders, naamlik 93,00% (297 uit 322) 'n beroep beoefen terwyl bykans die helfte van die moeders, naamlik 49,5% (159 uit 322) 'n beroep beklee.

FIGUUR 4.4 TOETS/EKSAMEN DRUIP



## 4.3 Skoolfaktore wat vir stres verantwoordelik is.

(Vgl. bylaag 4, figuur 4.1)

### 4.3.1 Figuur 4.4 Toetse/eksamen en druiping.

Met vrae 6, 7 en 8 is daar by die respondente vasgestel in welke mate toets-eksamen skryf en druiping vir stres verantwoordelik is. Die ontleding van die gegewens word in figuur 4.4 aangebied.

#### 4.3.1.1 Figuur 4.4.

Vraag 6: "Om 'n toets of eksamen te skryf".

Analise en interpretasie.

Uit figuur 4.4 blyk dit dat die skryf van 'n toets of eksamen vir 64,6% (200 uit 322) van die ondersoekgroep vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl dit vir 5,9% (19 uit 322) respondente tot besonder baie stres bydra. Dit is interessant om daarop te let dat slegs 5,9% (19 uit 322) van die resondente by die skryf van toetse en eksamen geen stres ervaar. Die 89,4% (288 uit 322) respondente wat redelik en baie stres ervaar verteenwoordig waarskynlik die deursnee leerling in die laerskool (vgl. paragraaf 2.3.2).

#### 4.3.1.2 Figuur 4.4.

Vraag 7: "dat ek 'n toets of eksamen sal druip".

Analise en interpretasie.

Die druip van 'n toets of eksamen hou vir 43,0% (138 uit 322) respondente besonder baie stres in terwyl dit vir 5,6% (18 uit 322) van geen betekenis is nie.

Die druip van 'n toets of eksamen is vir die meeste respondente stresvol, terwyl eksamenskryf self nie vir veel stres verantwoordelik is nie (vgl. figuur 4.4). Indien die tellings op al drie die stresvlakke in berekening gebring word, is eksamen skryf egter 'n beduidende stressor. Die feit dat druiping vir bykans die helfte van die ondersoekgroep 'n bron van besonder baie stres is, is betekenisvol indien dit met die respondente vergelyk word vir wie eksamenskryf 'n hoë stresfaktor is.

4.3.1.3 Figuur 4.4.

Vraag 8: "Dat ek st 5 moontlik sal druip."

Analise en interpretasie.

Druiping is vir 48,4% (156 uit 322) van die respondente vir besonder baie stres verantwoordelik, terwyl 13,0% (42 uit 322) aangedui het dat dit geen invloed het nie. Die groot meerderheid st 5-leerlinge beskou druiping van 'n standerd as 'n stressor. Dit kan deur verwagtinge en beskouinge wat leerlinge nie kan hanteer nie veroorsaak word. Leerlinge ervaar druiping as mislukking en vrees moontlike verwerping deur geliefdes.

4.3.1.4 Samevattende gevolgtrekking.

Na aanleiding van figuur 4.4 blyk dit dat daar hoë druk op leerlinge geplaas word wat moeilik hanteerbaar is. Die situasies veroorsaak 'n gevoel van ontoereikendheid (vgl. paragraaf 2.2).

### 4.3.2 Akademiese prestasie.

Met vrae 9 en 19 is daar by die respondente vasgestel in welke mate akademiese prestasie vir stres verantwoordelik is. Die ontleding van die response word in figuur 4.5 aangebied.

#### 4.3.2.1 Figuur 4.5.

Vraag 9: "punte op my rapport is nie na wense".

Analise en interpretasie.

'n Analise van die response toon dat vir 40,1% (124 uit 322) respondente toets-eksamen punte nie na wense is nie en dat dit by die leerlinge vir baie stres verantwoordelik is. Slegs 3,7% (12 uit 322) het aangetoon dat dit vir hulle geen probleem is nie. Van die ander respondente ervaar 38,5% (124 uit 322) redelike stres en 17,7% (57 uit 322) besonder baie stres. Onbevredigende rapportpunte is vir die meeste respondente 96,3% (310 uit 322) stresvol. Daar teenoor het 94,4% (303 uit 322) aangedui dat eksamen of toets skryf stres veroorsaak (vgl. figuur 4.5). Daar is dus 'n beduidende verband tussen eksamenskryf en eksamenpunte. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die st 5-leerling nie vertroud is met eksamenskryf nie. In soverre dit akademiese prestasies betref besef hulle dat dit 'n belangrike rol in bevordering speel (vgl. paragraaf 2.3.5.9).

#### 4.3.2.2. Figuur 4.5.

Vraag 19: "ek vaar akademies nie goed genoeg nie".

Analise en interpretasie.

Volgens figuur 4.5 is swak akademiese prestasie vir 40,0% respondente (132 uit 322) 'n redelike bron van stres, terwyl

6,8% (22 uit 322) nie oor hul prestasie bekommerd is nie. Dit is interessant om daarop te let dat die oorgrote meerderheid respondente naamlik 93,2% (300 uit 322) aangedui het dat onbevredigende akademiese prestasie vir stres verantwoordelik is. Die gesamentlike tellings van die drie stresvlakke dui daarop dat swak akademiese prestasie 'n beduidende stressor is (vgl. figuur 4.5). By die 6,8% (22 uit 322) respondente wat geen stres ervaar nie kan dit moontlik aan begaafdheid of motivering en deursettingsvermoë toegeskryf word.

#### 4.3.2.3 Samevattende gevolgtrekking.

Akademiese prestasie is vir die st 5-leerling 'n groot bron van kommer. Die kommer kan voortvloei uit onkunde ten opsigte van studiemetodes en studiehouding. Vrae 9 en 19 bied 'n aanduiding oor hoe die ondersoekgroep oor akademiese prestasie voel (vgl. figuur 4.5). Die tellings by beide die vrae is bykans dieselfde, (vgl. figuur 4.5) wat 'n aanduiding is dat akademiese prestasie 'n beduidende stressor is.

### 4.3.3 Verhouding met onderwysers.


In die volgende paragrawe word vrae bespreek wat oor die leerling se verhouding met die onderwyser en opdragte handel. Met die items in die inventaris wou vasgestel word in welke mate verhoudings vir stres by die respondente verantwoordelik is. Die bevindinge word in figuur 4.6 aangebied.

#### 4.3.3.1 Figuur 4.6A.

Vraag 10: "dat ek deur die onderwyser gestraf sal word".

Analise en interpretasie.

FIGUUR 4.6A VERHOUDING MET ONDERWYSER



Straf deur die onderwyser is vir die oorgrote meerderheid respondente 'n vernedering. 43,3% (139 uit 322) van die respondente het aangetoon dat straf vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl bykans 'n kwart, 22,7% (73 uit 322) van die respondente geen stres ervaar nie (vgl. figuur 4.6).

**4.3.3.2 Figuur 4.6A.**

Vraag 11: "die gedagte aan huiswerk".

Analise en interpretasie.

'n Analise van die response toon dat slegs 10,2% (33 uit 322), 19,3% (62 van 322) en 38,5% (124 uit 322) stres ervaar wat van besonder baie tot redelik stres wissel (vgl. figuur 4.6). Bykans 'n derde, naamlik 32% (103 uit 322) van die respondente het aangetoon dat huiswerk geen invloed het nie.

Uit figuur 4.6 kan afgelei word dat huiswerk vir die st 5-leerling 'n stresfaktor is. Aanduidings is dat huiswerk 'n gevoel van onsekerheid veroorsaak (sien paragraaf 2.3.5.4). Die ouers het hier 'n groot verantwoordelikheid, maar nie almal kom dit na nie en alle verpligtinge word op die onderwyser afgeskuif (Marais 1988:52). Leerlinge wat stres ervaar beskou huiswerk nie as 'n voortsetting van die klaskameropdragte nie, maar 'n straf.

**4.3.3.3 Figuur 4.6A.**

Vraag 12: "onderwysers se opmerkings pla my".

Analise en interpretasie.

Uit die inventarisresponse blyk dit dat 10,2% (33 uit 322) besondere baie, 23,9% (77 uit 322) baie en 43,8% (141 uit 322) 'n redelike mate van stres ervaar. Wanneer die tellings van die drie stresvlakke saam in berekening gebring word, blyk dit dat opmerkings deur onderwysers by 78,0% (219 uit

322) respondente vir stres verantwoordelik is. Afleidings wat gemaak kan word is onder meer die volgende:

Dit is opvallend dat die response ten opsigte van straf (Vraag 10) en opmerkings (Vraag 11) bykans dieselfde frekwensie verteenwoordig (sien figuur 4.6). Die st 5-leerling ervaar opmerkings van die onderwyser as straf. Dit kan as vernedering beskou word.

**4.3.3.4 Figuur 4.6A.**

Vraag 13: "dat die onderwyser op my sal skree".

Analise en interpretasie.

'n Analise van die response toon dat die skree van 'n onderwyser vir 38,2% (123 uir 322) van die ondersoekgroep vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl dit vir 13,4% (43 uit 322) van die respondente tot baie stres bydra. Vir 19,9% (64 uit 322) het dit geen betekenis nie.

Volgens figuur 4.6 kan die volgende afleidings gemaak word:


Vir die meeste st 5-leerlinge naamlik, 80,1% (258 uit 322) wat aldrie stresvlakke verteenwoordig, is dit 'n stressor. Die stressor kan in elke klas teenwoordig wees, wat 'n aanduiding is van hoe belangrik die onderwyser se optrede teenoor leerlinge is.

Die gesamentlike tellings van straf (Vraag 10), opmerkings (Vraag 11) en skree (Vraag 13) op die verskillende stresvlakke is bykans dieselfde (vgl. figuur 4.1). Vir die ondersoekgroep, wat die deursnee st 5-leerling verteenwoordig is skree dus 'n stresfaktor.

**4.3.3.5 Figuur 4.6B.**

Vraag 14: "dat ek die bespotting van die klas sal wees".

FIGUUR 4.6B VERHOUDING MET ONDERWYSER



Analise en interpretasie.

Bespotting is vir 18,9% (61 uit 322) van die respondente 'n bron van besonder baie stres. 27,3% (88 uit 322) ervaar dit as baie stres en vir 25,2% (81 uit 322) dra dit tot 'n redelike mate van stres by. 28,6% (92 uit 322) van die respondente het aangedui dat bespotting geen invloed het nie. Wanneer die tellings van die drie stresvlakke in berekening gebring word ervaar 71% (230 uit 322) stres, wat bykans 'n driekwart van die ondersoek verteenwoordig. Bespotting kan tot 'n negatiewe selfbeeld by die leerling veroorsaak wat tot anti-sosiale gedrag aanleiding kan gee (vgl. paragraaf 3.2.5.6).

**4.3.3.6 Figuur 4.6B.**

Vraag 15: "die gedagte aan 'n sekere onderwyser".

Analise en interpretasie.

Uit die ontleding van die response het die meerderheid, naamlik 43,5% (140 uit 322) respondente aangedui dat 'n sekere onderwyser vir redelike stres verantwoordelik is, terwyl 21,4% (69 uit 322) beweer dat dit geen betekenis het nie. 20,5% (66 uit 322) beleef baie stres en 14,6% (47 uit 322) besonder baie stres.

Analise van die response in figuur 4.6 toon dat 'n onderwyser vir stres verantwoordelik is (vgl. paragraaf 2.3.5.6). Dit is vir 78,6% (253 uit 322) van die respondente belangrik dat die verhouding met die onderwyser gesond moet wees. Die telling verteenwoordig meer as 'n driekwart van die respondente en daaruit kan afgelei word dat die gedagte aan 'n bepaalde onderwyser 'n stresfaktor is.

**4.3.3.7 Figuur 4.6B.**

Vraag 20: "'n nuwe onderwyser".

Analise en interpretasie.

Uit figuur 4.6 blyk dit dat 'n nuwe onderwyser by 37,9% (122 uit 322) van die respondente vir redelike stres verantwoordelik is, terwyl 43,8% (141 uit 322) geen betekenis daaraan heg nie. Slegs 6,8% (22 uit 322) respondente het aangetoon dat hulle baie stres ervaar wanneer hulle met 'n nuwe onderwyser in aanraking kom.

Na aanleiding van figuur 4.6 kan die volgende afleidings gemaak word:

Meer as die helfte van die ondersoekgroep het aangetoon dat 'n nuwe onderwyser vir stres verantwoordelik is (vgl. paragraaf 2.3.3.1). Dit is interessant dat bykans die helfte van die respondente geen stres ten opsigte van 'n nuwe onderwyser ervaar nie. Aangesien die frekwensies bykans dieselfde toon, kan 'n nuwe onderwyser nie as 'n beduidende stressor aanvaar word nie. Die leerlinge is moontlik gewoond aan wisseling van personeellede in skole en verwelkom die afwisseling warrskynlik ook.

**4.3.3.8 Figuur 4.6B.**

Vraag 21: "dat ander kinders voorgetrek word".

Analise en interpretasie.

Volgens figuur 4.6 het 46,6% (150 uit 320) van die respondente aangetoon dat "witbroodjies" nie vir stres verantwoordelik is nie. Daar teenoor het 28,6% (92 uit 322) dit op 'n redelike stresvlak en vir 13,0% (42 uit 322) beteken dit besonder baie stres.

By meer as die helfte van die ondersoekgroep is "witbroodjies" vir stres verantwoordelik en vir die res van die groep het dit geen betekenis nie (vgl. figuur 4.1 en 4.6B). Die voortrek van kinders kan nie as 'n beduidende

stresfaktor beskou word nie, aangesien die twee tellings bykans dieselfde is (vgl. figuur 4.1).

**4.3.3.9 Samevattende gevolgtrekking.**

In die voorafgaande vrae het die klem op die verhouding met die onderwyser en opdragte geval. Volgens die gemiddelde telling van die vrae op die drie stresvlakke het 'n driekwart van die ondersoekgroep telkens aangedui dat die betrokke faktor vir stres verantwoordelik is. Die onderwyser se optredes, houding en wyse waarop opdragte gegee word dra tot 'n stresvolle situasie by. Die verhouding met onderwysers kan as 'n beduidende stressor beskou word (vgl. figuur 4.6).

**4.3.4 Nuwe Hoërskool.**

Met vrae 16, 17 en 18 is daar by die respondente vasgestel in welke mate 'n nuwe hoërskool vir stres verantwoordelik is.

**4.3.4.1 Figuur 4.7.**


Vraag 16: "dat ek by 'n nuwe skool moet begin".

Analise en interpretasie.

Volgens die response het 28,0% (90 uit 322) respondente aangetoon dat 'n nuwe skool vir besonder baie stres verantwoordelik is, terwyl 21,4% (69 uit 322) geen stres ervaar nie. 23,9% (77 uit 322) van die leerlinge ervaar baie stres en 26,9% (86 uit 322) beleef dit op 'n redelike stresvlak.

Na aanleiding van die response in figuur 4.7 kan die volgende afleidings gemaak word:

FIGUUR 4.7 HOËRSKOOL



Die verspreidings op die stresvlakke is bykans dieselfde. Wanneer die telling van die drie stresvlakke egter in berekening gebring word verander die resultate na 'n beduidende stresfaktor. Om by 'n nuwe skool te begin impliseer veranderinge en onsekerheid (vgl. paragraaf 2.3.2.4). Vir slegs 'n kwart van die ondersoekgroep is dit geen probleem om by 'n nuwe skool te begin nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat hulle alreeds ouer broers of susters in die skool het of dat hulle oor 'n groter waaghouding beskik.

**4.3.4.2 Figuur 4.7.**

Vraag 17: "die vakke vir st 6".

Analise en interpretasie.

Uit figuur 4.7 blyk dit dat slegs 12,4% (40 uit 322) van die respondente geen probleme met die kies van st 6 vakke ervaar nie. 14,9% (48 uit 322) van die ondersoekgroep het aangetoon dat vakkeuse vir besonder baie stres verantwoordelik is, terwyl 28,6% (92% uit 322) baie stres beleef en 44,1% (142 uit 322) dit op 'n redelike stresvlak ervaar.

Die volgende afleidings kan gemaak word:

Omdat st 6•leerlinge nie altyd vertroud is met vakinhoude nie, raak hulle onseker. Die afleiding kan ook gemaak word dat die ervaring van ouer broers en susters daartoe bydra dat jonger broers en susters vertroud raak met vakinhoude en daarom nie stres ervaar nie. Wanneer die tellings van al drie die stresvlakke in berekening gebring word kan keusevakke as 'n stressor vir die meeste st 5-leerlinge beskou word. Die meerderheid leerlinge weet dus nie wat die nuwe vakke behels nie (vgl. paragraaf 2.3.3.1).

#### 4.3.4.3 Figuur 4.7.

Vraag 18: "die kies van 'n hoërskool".

Analise en interpretasie.

Die kies van 'n hoërskool is vir 35,7% (115 uit 322) van die respondente van geen betekenis nie. Daar teenoor het 36,3% (117 uit 322) aangetoon dat dit vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl 9,6% (31 uit 322) besonder baie stres beleef.

Volgens figuur 4.7 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die meerderheid van die ondersoekgroep het aangetoon dat hoërskool keuse vir stres verantwoordelik is. Dit blyk dat inligting aangaande hoërskole nie voldoende is nie. Om van die bekende laerskool na 'n onbekende hoërskool te beweeg is vir baie st 5-leerlinge 'n stresfaktor. 'n Verdere afleiding is dat ouer broers en susters se ervaring daartoe bydra dat jonger broers en susters se oorskakeling na 'n nuwe skool minder stresvol verloop.


#### 4.3.4.4 Samevattende gevolgtrekking.

Die meeste st 5-leerlinge ondervind probleme by die kies van 'n hoërskool en keusevakke. Meer as 'n driekwart, naamlik 76,8% (251 uit 322) van die respondente het aangedui dat die kies van 'n hoërskool 'n bron van stres is.

### 4.3.5 Studiegewoontes.

In die volgende paragrawe word vrae behandel wat oor studiegewoontes en studiehoudings soos lees, leer en praat handel. Met die vrae is daar by die ondersoekgroep vasgestel

FIGUUR 4.8 STUDIEGEWOONTES



tot welke mate studiegewoontes en-houdings vir stres verantwoordelik is. Die ontleding van die response op die vrae word in figuur 4.8 aangebied.

**4.3.5.1 Figuur 4.8.**

Vraag 22: "dat ek nie goed genoeg kan lees nie".

Analise en interpretasie.

Volgens response op hierdie vraag blyk dit dat swak lees by 38,2% (123 uit 322) van die respondente vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl 21,7% (70 uit 322) baie en 11,5% (37 uit 322) besonder baie stres ervaar. 28,6% (92 uit 322) van die respondente het aangetoon dat swak lees geen noemenswaardige stres tot gevolg het nie.

Na aanleiding van figuur 4.8 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die meeste respondente, 71,4% (230 uit 322) het aangetoon dat swak lees vir stres verantwoordelik is. Die moontlikheid bestaan dat die leerlinge nie oor die vermoë beskik om goed te kan lees nie. Die leesmetodes wat op skool toegepas word, vind nie by al die leerlinge byval nie. Swak lees kan as 'n stressor beskou word.

**4.3.5.2 Figuur 4.8.**

Vraag 23: "dat ek nie goed genoeg kan leer nie".

Analise en interpretasie.

Volgens response in figuur 4.8 blyk dit dat leervermoë by 37,6% (121 uit 322) van die respondente vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl 13,0% (42 uit 322) aangetoon het dat dit van geen betekenis is nie. 31,4% (101 uit 322) van die respondente het aangetoon dat swak leer vir baie stres verantwoordelik is.

Die meerderheid van die respondente ondervind probleme met leer (vgl. paragraaf 2.3.2). Die leerlinge besef die belangrikheid van studie, maar beskik nie oor die vermoë om doeltreffend te kan leer nie. Sommiges weet nie hoe om te studeer nie, want hulle het nooit geleer om te studeer nie.

Wanneer die tellings van al drie die stresvlakke in berekening gebring word, kan leer as 'n beduidende stressor aanvaar word. Vir 87,0% (280 uit 322) van die respondente is dit 'n bron van stres.

**4.3.5.3 Figuur 4.8.**

Vraag 24: "dat ek nie goed genoeg kan praat nie".

Analise en interpretasie.

Volgens die response in figuur 4.8 blyk dit dat 12,1% (39 uit 322) van die respondente aangedui het dat die onvermoë om voor ander te praat vir besonder baie stres verantwoordelik is. Van al die respondente het 31,4% (101 uit 322) baie stres ervaar en 37,6% (121 uit 322) het dit op 'n redelike stresvlak beleef. Dit het vir 21,4% (69 uit 322) geen stres veroorsaak nie.


Die volgende afleidings kan gemaak word:

Om nie goed te kan praat nie, is vir die meerderheid van die ondersoekgroep 'n stresfaktor. Meer as 'n driekwart van die respondente beskik moontlik nie oor die nodige selfvertroue en waaghouding om voor ander te praat nie (vgl. paragraaf 2.3.3 en 2.3.4).

**4.3.5.4 Samevattende gevolgtrekking.**

Leervaardighede soos lees, leer en praat is vir die groot meerderheid respondente 'n bron van stres. Die respondente besef goeie studiegewoontes is die sleutel tot akademiese

## FIGUUR 4.9 PRESTASIEMOTIEF



sukses. Dit is interessant om daarop te let dat die tellings vir eksamenpunte en leer korreleer (vgl. figuur 4.5 en 4.8). Die meeste leerlinge beskik oor die vermoë, maar goeie studiegewoontes ontbreek.

### 4.3.6 Sportprestasie.

Die volgende vrae handel oor spandeelname en sportprestasie. Die vrae is geformuleer om by die respondente vas te stel in welke mate sportprestasie vir stres verantwoordelik is. Die bevindinge word in figuur 4.9 weergegee.

#### 4.3.6.1 Figuur 4.9.

Vraag 25: "dat ek nie vir 'n span gekies sal word nie".

Analise en interpretasie.

Volgens response op hierdie vraag het 40,4% (130 uit 322) van die respondente aangetoon dat spandeelname vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl dit vir 32,9% (106 uit 322) van geen betekenis is nie. Slegs 9,0% (29 uit 322) beweer dat spandeelname vir besonder baie stres verantwoordelik is.

Die volgende afleidings kan gemaak word:

Om nie vir 'n span gekies te word nie is vir die meeste respondente stresvol (67,1% (216 uit 322). Spandeelname is belangrik want dan word die pre-adolessent deur sy portuurgroep aanvaar (vgl. paragraaf 2.3.4.5). Die meeste wil graag aan sport deelneem en 'n lid van 'n span wees. Vir bykans 'n derde van die respondente is spandeelname nie 'n bron van stres nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat hulle waarskynlik nie in sportdeelname belangstel nie.

**4.3.6.2 Figuur 4.9.**

Vraag 26: "dat ek nie in sport sal uitblink nie".

Analise en interpretasie.

Uit tabel 4.9 blyk dit dat swak sportprestasie vir 36,0% (116 uit 322) van die st 5-leerlinge wat die vraag beantwoord het, vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl dit vir 35,7% (115 uit 322) van geen belang is nie. Om nie in sport uit te blink nie, is vir 5,9% (19 uit 322) 'n bron van besonder baie stres.

Na aanleiding van figuur 4.9 kan die volgende afleidings gemaak word:

Om nie in sport uit te blink nie, is net so stresvol as om nie vir 'n span gekies te word nie. Wanneer die tellings op die drie stresvlakke in berekening gebring word is die tellings van sportprestasie en spandeelname bykans dieselfde. Hieruit kan afgelei word dat leerlinge 'n behoefte het aan sukses op sportgebied (vgl. paragraaf 2.3.5.7).

**4.3.6.3 Figuur 4.9.**

Vraag 27: "om te verloor".

Analise en interpretasie.

'n Analise van die response toon dat om in sport te verloor vir 43,5% (140 uit 322) van die respondente vir geen stres verantwoordelik is nie. Om te verloor is by 10,9% (35 uit 322) van die ondersoekgroep vir besonder baie stres verantwoordelik en 31,7% (102 uit 322) ervaar dit op 'n redelike stresvlak (vgl. figuur 4.9).

Na aanleiding van figuur 4.9 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die verlooraspek is by die helfte van die respondente vir stres verantwoordelik, terwyl deelname en uitblink vir meer stres verantwoordelik is. Slegs 56,5% (182 uit 322) het aangetoon dat om te verloor wel stres veroorsaak. Daarteenoor het 67,1% (216 uit 322) aangetoon dat deelname stres veroorsaak terwyl 64,3% (207 uit 322) gevoel het dat die onvermoë om uit te blink stres veroorsaak (vgl. figuur 4.9). Dit kan daaraan toegeskryf word dat die meeste van die respondente graag aan sport wil deelneem en sy beste wil lewer eerder as om net te wen (vgl. paragraaf 2.3.5.7)

#### 4.3.6.4 Samevattende gevolgtrekking.

Die vorige drie vrae het oor sport en die prestasiemotief in sport gehandel. Om aan sport deel te neem is vir die meeste belangrik. Die oorgrote meerderheid wil deel wees van 'n span. Deelname is vir die pre-adolessent noodsaaklik, want daardeur word hy aanvaar. Die verlooraspek is nie 'n beduidende stresfaktor nie.


## 4.4 Persoonlike faktore wat vir stres verantwoordelik is.

(Vgl. bylaag 5, figuur 4.2)

### 4.4.1 Selfbeeld.

Vrae 28, 32 en 37 handel oor die pre-adolessent se selfbeeld. Met die vrae is daar by die respondente vasgestel in welke mate selfbeeld vir stres verantwoordelik is. In die volgende paragrawe word die vrae oor selfbeeld bespreek. Die bevindinge word in figuur 4.10 weergegee.

# FIGUUR 4.10 SELFBEELD



**4.4.1.1 Figuur 4.10.**

Vraag 28: "My voorkoms (Ek word vet, puisies, maer)".

Analise en interpretasie.

Dit blyk uit figuur 4.10 dat voorkoms by 35,4% (114 uit 322) van die respondente vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl dit vir 20,5% (66 uit 322) nie van betekenis is nie.

Van die respondente het 21,7% (70 uit 322) aangetoon dat voorkoms vir besonder baie stres verantwoordelik is en 22,4% (72 uit 322) beweer dat voorkoms baie stres veroorsaak.

Volgens figuur 4.10 is voorkoms vir die meeste respondente stresvol. Wanneer die gesamentlike tellings op al drie die stresvlakke in berekening gebring word blyk dit dat 79,5% (256 uit 322) van die ondersoekgroep stres ervaar. Voorkoms kan as 'n beduidende stressor beskou word, want die groep verteenwoordig die deursnee pre-adolessent. Voorkoms is belangrik tydens die pre-adolessente stadium en dit korreleer met bevindinge in die literatuur (vgl. paragraaf 1.2 en paragraaf 2.3.2).

**4.4.1.2 Figuur 4.10.**

Vraag 32: "Om te misluk".

Analise en interpretasie.

Uit figuur 4.10 blyk dit dat mislukking by 37,4% (120 uit 322) van die respondente vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl 33,6% (108 uit 322) baie stres ervaar. Slegs 11,5% (37 uit 322) het aangetoon dat dit van geen betekenis is nie. 88,5% (284 uit 322) van die ondersoekgroep ervaar stres wanneer hulle misluk.

Na aanleiding van figuur 4.10 kan die volgende afleidings gemaak word:

Om te misluk is by die oorgrote meerderheid vir stres verantwoordelik. Mislukking kan 'n gevoel van ontoereikendheid tot gevolg hê. Dit is vir die meeste pre-adolessente 'n vernederende saak wat nie maklik hanteerbaar is nie. Die groep beskik moontlik nie oor die insig om mislukkings te verwerk nie. Verder besef hulle dat daar nie plek vir mislukkings in die samelewing is nie. Om te misluk kan as 'n beduidende stressor aanvaar word, want die 88,5% (284 uit 322) verteenwoordig die deursnee st 5-leerling (vgl. paragraaf 2.3.5.7 en figuur 4.2).

**4.4.1.3 Figuur 4.10.**

Vraag 37: "dat my ouers vir my 'n keuse sal maak".

Analise en interpretasie.

Volgens die inventarisresponse het 35,7% (115 uit 322) van die respondente aangetoon dat ouerkeuse vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl 28,6% (92 uit 322) die ouerkeuse baie stresvol vind. Net 21,6% (68 uit 322) het aangetoon dat ouers namens hulle 'n keuse kan uitvoer.

Aan die hand van figuur 4.10 kan die volgende afleidings gemaak word:

Dit is interessant om daarop te let dat die meerderheid respondente wat aangetoon het dat ouers wat namens hulle 'n keuse maak, nie gelukkig voel oor die saak nie. Uit figuur 4.10 blyk dit dat 78,9% (254 uit 322) wel stres ervaar. Die moontlikheid bestaan dat die groep voel hulle word nie vertrou nie en ook nie as unieke mens aanvaar nie. Ouers wat namens hulle kinders kies, ken hul kinders nie (Yamamoto 1988:19). Die respondente wat verkies dat hul ouers namens hulle 'n keuse uitvoer beskik nie oor die vermoë om die ver-

antwoordelikheid vir hulle keuse te aanvaar nie (vgl paragraaf 2.3.4.5).

**4.4.1.4 Samevattende gevolgtrekking.**

Uit voorafgaande paragrawe kan afgelei word dat 'n swak selfbeeld nie vir die pre-adolessent opbouend is nie. Hulle is sensitief op die stadium van ontwikkeling. Die bevindinge korreleer met die literatuur.

**4.4.2 Toekoms.**

In die volgende paragrawe word vrae in verband met die toekoms behandel. Met die vrae is daar by die ondersoekgroep vasgestel in welke mate die toekoms, wat op sekerheid gebasseer is vir stres verantwoordelik is. Response op die vrae word in figuur 4.11 aangebied.

**4.4.2.1 Figuur 4.11.**


Vraag 29: "die onbekende, soos die toekoms, nag".

Analise en interpretasie.

41,6% (134 uit 322) van die respondente het aangetoon dat die onbekende vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is. Daar teenoor het 18,3% (59 uit 322) aangedui dat dit van geen betekenis is nie. Vir bykans 'n derde naamlik 28,0% (90 uit 322) veroorsaak die toekoms baie stres.

Uit figuur 4.11 kan daar afgelei word dat die onbekende by die meeste respondente vir stres verantwoordelik is. Die onbekende veroorsaak onsekerheid wat "negatiewe faalangst" is (Hermans et al.,1983:9). Aangesien 81,7% (263 uit 322) respondente die toekoms as stresvol beskou, kan die af-

# FIGUUR 4.11 DIE TOEKOMS



leiding gemaak word dat die onbekende toekoms 'n belangrike stressor is.

**4.4.2.2 Figuur 4.11.**

Vraag 30: "dat ek nie sal weet wat om te doen nie".

Analise en interpretasie.

Volgens die inventarisresponse blyk dit dat 33,5% (108 uit 322) van die respondente aangedui het dat onsekerheid, soos dit in vraag 30 geformuleer is, vir baie stres verantwoordelik is, terwyl 37,3% (120 uit 322) st 5-leerlinge aangedui het dat dit redelik tot stres bydra. Vir 16,5% (53 uit 322) het dit geen betekenis nie (vgl. figuur 4.11).

Onsekerheid oor die toekoms en die onbekende dra albei eweveel tot stres by. Die moontlikheid bestaan dat die pre-adolessent presies wil weet wat in elke situasie van hom verwag word (vgl. paragraaf 2.3.3.1). Na aanleiding van die 16,5% respondente wat geen stres ervaar nie teenoor die 83,5% wat wel stres ervaar kan onsekerheid as 'n beduidende stresfaktor beskou word.

**4.4.2.3 Figuur 4.11.**

Vraag 31: "Oorlog; terrorisme; bomontploffings".

Analise en interpretasie.

'n Analise van die response toon dat rampe soos dit in vraag 31 gestel word by 52,2% (168 uit 322) van die respondente vir besonder baie stres verantwoordelik is, terwyl 6,2% (20 uit 322) van die response aangetoon het dat dit geen betekenis inhou nie.

Na aanleiding van figuur 4.11 kan die volgende afleidings gemaak word:

Rampe soos oorlog en bomontploffing is by die meeste respondente vir stres verantwoordelik. Wanneer die 93,8% met die 6,2% wat geen stres ervaar vergelyk word, dan is die gevolgtrekking dat rampe 'n beduidende stressor is. Die respondente beskik moontlik oor insig oor die gevolge van sulke rampe soos dit in die media weergee word.

**4.4.2.4 Samevattende gevolgtrekking.**

Die voorafgaande vrae het oor aspekte wat die pre-adolessent se toekoms kan beïnvloed gehandel. Uit figuur 4.11 blyk dit duidelik dat die pre-adolessent bekommerd is oor die toekoms. Die moontlikheid bestaan verder dat hulle besef dat hulle niks daaraan kan doen of verander nie. Daar kan afgelei word dat toekoms belangrik is en daarom kan dit as 'n beduidende stressor aanvaar word.

**4.4.3 Eensaamheid.**

Die volgende vrae in die inventaris handel oor eensaamheid en aanvaarding deur die portuurgroep. Met die vrae is daar by die respondente vasgestel of dit vir stres verantwoordelik is. Die ontleding van die response op die vrae word in figuur 4.12 aangebied.


**4.4.3.1 Figuur 4.12.**

Vraag 33: "Eensaamheid".

Analise en interpretasie.

Analise van response toon dat eensaamheid by 16,1% (52 uit 322) van die respondente vir besonder baie stres verantwoordelik is, terwyl 21,4% (69 uit 322) baie stres en 29,8% (96 uit 322) redelike stres ervaar. Vir 29,2% (94 uit 322)

# FIGUUR 4.12 EENSAAMHEID



van die ondersoekgroep het eensaamheid geen stres tot gevolg nie.

Eensaamheid word deur 70,8% (228 uit 322) van die st 5-leerlinge as 'n stresfaktor beskou (vgl. figuur 4.12). Vir die groep beteken eensaamheid verwerping wat moeilik hanteerbaar is (vgl. paragraaf 2.3.2.6). Hierdie groep beskik moontlik nie oor die vermoë om maklik vriende te maak nie.

**4.4.3.2 Figuur 4.12.**

Vraag 34: "word nie deur my maats aanvaar nie".

Analise van interpretasie.

Uit die inventarisresponse blyk sit dat aanvaarding vir 32,9% (106 uit 322) van die ondersoekgroep vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl 29,8% (96 uit 322) aangedui het dat dit nie vir stres verantwoordelik is nie (vgl. figuur 4.12).


Enkele afleidings is:

Om nie deur die maats aanvaar te word nie en eensaamheid veroorsaak vir die meeste respondente stres. Indien die tellings op al drie die stresvlakke in berekening gebring word, het bykans 'n driekwart 70,2% (226 uit 322) van die respondente aangetoon dat dit vir stres verantwoordelik is (vgl. paragraaf 2.1).

**4.4.3.3 Samevattende gevolgtrekking.**

Vrae 33 en 34 handel oor eensaamheid en verwerping wat met vriendskap te doen het. Die pre-adolessent het die portuurgroep nodig vir sy sosialisering. Indien hierdie sosialisering nie reg verloop nie kan 'n swak selfbeeld ontwikkel, wat die stresvlak kan verhoog. Volgens die bevin-

# FIGUUR 4.13 MY LIGGAAM



dinge het die meeste pre-adolessente aangetoon dat eensaamheid vir stres verantwoordelik is (vgl. figuur 4.2).

### 4.4.4 My liggaam.

Die volgende twee vrae handel oor faktore wat die liggaam kan benadeel. Met die vrae is daar by die respondente vasgestel tot welke mate liggaamsgebreke vir stres verantwoordelik is. Response op die vrae word in figuur 4.13 aangebied.

#### 4.4.4.1 Figuur 4.13.

(Hoe aktueel is dit!)

Vraag 35: "om blind te word".

Analise en interpretasie.

'n Analise van die response toon dat blindheid by 64,0% (206 uit 322) respondente vir besonder baie stres verantwoordelik is, terwyl 9,6% (31 uit 322) aangedui het dat dit nie vir hulle 'n bron van stres is nie.

Na aanleiding van figuur 4.13 kan die volgende afleidings gemaak word:

Dit is interessant om daarop te let dat die grootste aantal st 5-leerlinge aangetoon het dat blindheid vir stres verantwoordelik is. 'n Moontlike verklaring hiervan is dat blindheid vir die pre-adolessent 'n radikale verandering ten opsigte van die lewe impliseer. Die traumatiese ervaring kan 'n onsekerheid, wat die respondente nie ten volle kan begryp nie, veroorsaak (vgl. paragraaf 2.3.3 en 2.3.4).

Wanneer die tellings van die drie stresvlakke saam in berekening gebring word blyk dit dat 90,4% (291 uit 322) van die respondente stres ervaar. Die feit dat blindheid vir bykans

twee derdes van die ondersoekgroep vir besonder baie stres verantwoordelik is, is beduidend indien dit met die 18,9% respondente vergelyk word vir wie blindheid baie stres veroorsaak.

**4.4.4.2 Figuur 4.13.**

Vraag 36: "om verlam te word".

Analise en interpretasie.


Uit figuur 4.13 blyk dit dat verlamming vir 67,1% (216 uit 322) van die respondente vir besonder baie stres verantwoordelik is, slegs 8,1% (26 uit 322) het aangetoon dat verlamming geen stres veroorsaak nie.

Na aanleiding van figuur 4.13 kan die volgende afleidings gemaak word:

Verlamming is vir die groot meerderheid respondente net so stresvol as blindheid (sien tabel 4.4). Indien die tellings op al drie die stresvlakke in berekening gebring word is verlamming 'n beduidende stresfaktor. Die feit dat blindheid en verlamming vir meer as twee derdes van die ondersoekgroep 'n bron van baie stres is, is beduidend indien dit met die 8,1% en 9,6% respondente vergelyk word vir wie blindheid en verlamming geen stresfaktor is.

**4.4.4.3 Samevattende gevolgtrekking.**

Uit die voorafgaande twee vrae wat oor liggaamsgebreke handel kan die afleiding gemaak word dat die liggaam vir die pre-adolessente belangrik is. Op die stadium van ontwikkeling spandeer hulle baie tyd aan hul liggame (vgl. paragraaf 1.3). Liggaamsgebreke soos verlamming en blindheid is beduidende stressors (vgl. figuur 4.13).


FIGUUR 4.14
DOOD
100
90
80
70
60
50
40
30
20
10
0
BROER/SUSTER
DOODGEDAGTE
OUER
FAKTOR
1. BESONDER BAIE
2. BAIE
3. REDELIK
4. GEEN

## 4.5 HUISLIKE FAKTORE WAT VIR STRES VERANTWOORDELIK IS.

(Vgl. bylaag 6 figuur 4.3)

### 4.5.1 Dood.

Die volgende paragrawe handel oor dood waarmee die pre-adolessent in aanraking kan kom. Die vrae is gestel om by die respondente vas te stel in welke mate die dood van 'n geliefde vir stres verantwoordelik is. Die bevindinge op die vrae soos dit in die inventaris geformuleer is, word in figuur 4.14 aangebied.

**4.5.1.1 Figuur 4.14.**

Vraag 38: "die dood van 'n ouer".

Analise en interpretasie.

'n Analise van die response toon dat die dood van 'n ouer by 86,6% (279 uit 322) van die response vir besonder baie stres verantwoordelik is. Daar teenoor het slegs 1,6% (5 uit 322) aangedui dat dit geen stres tot gevolg het nie.

Na aanleiding van die response in figuur 4.14 kan die volgende afleidings gemaak word:

Dit is interessant om daar op te let dat bykans al die respondente het aangetoon dat vraag 38 vir stres verantwoordelik is (vgl. figuur 4.3). Die bevindinge stem met die literatuurstudie ooreen (vgl. paragraaf 2.3.3.2). Die dood van 'n ouer is en bly een van die mees stresvolle situasies.

4.5.1.2 Figuur 4.14.

Vraag 39: "die dood van 'n broer of suster".

Analise en interpretasie.

Uit figuur 4.14 blyk dit dat die dood van 'n geliefde by 75,2% (242 uit 322) van die ondersoekgroep vir besonder baie stres verantwoordelik is, terwyl 2,8% (9 uit 322) nie oor die dood bekommerd is nie (vgl. figuur 4.3).

'n Aantal afleidings kan gemaak word:

Die dood van 'n broer of suster is vir meer as 'n driekwart 79,8% van die respondente 'n bron van besonder baie stres. Wanneer die tellings op al drie die stresvlakke in berekening gebring word, naamlik 97,2% (313 uit 322) is die dood van 'n geliefde vir bykans al die respondente 'n stressor. Die dood is 'n beduidende stresfaktor veral wanneer die tellings van die besonder baie stresvlak met die van die redelike stresvlak vergelyk word. Die 97,2% (313 uit 322) verteenwoordig die deursnee st 5-leerling wat besef dat die dood finaal is en dat niks daaraan gedoen kan word nie (vgl. paragraaf 2.3.3.2).

4.5.1.3 Figuur 4.14.

Vraag 40: "die gedagte aan die dood".

Analise en interpretasie.

'n Analise van die response toon dat die gedagte aan die dood vir 46,6% (150 uit 322) st 5-leerlinge vir besonder baie, vir 32,3% (104 uit 322) baie, en vir 16,5% (53 uit 322) vir 'n redelike mate van stres verantwoordelik is, terwyl 4,7% (15 uit 322) aangedui het dat die dood vir hulle geen stres veroorsaak nie.

Die volgende afleidings kan gemaak word:

Dit is interessant om daarop te let dat die tellings op die drie stresvlakke ten opsigte van vraag 40 met vraag 38 en 39 verskil (vgl. figuur 4.3). Wanneer die tellings egter op al drie die stresvlakke in berekening gebring word is die tellings feitlik by aldrie die vrae dieselfde.

Wanneer die 46,6% op die besonder baie stresvlak met die 4,7% op die geen stresvlak vergelyk word, is die gedagte aan die dood 'n definitiewe stressor (vgl. paragraaf 2.3.3.5). Die bevindinge korreleer met die literatuurstudie.

**4.5.1.4 Samevattende gevolgtrekking**

Vrae 38, 39 en 40 handel oor die dood self en die dood van 'n geliefde persoon. Uit die response blyk dit dat die dood by die hele ondersoekgroep vir baie stres verantwoordelik is. Die dood is 'n geweldige stresfaktor in die ontwikkelingstadium van die pre-adolessent.

**4.5.2 Gesinsverhoudinge**

In die volgende vyf vrae word die ouer-kind verhouding onder die loep geneem. Hierdie vrae is in die inventaris opgeneem, om by die respondente vas te stel in welke mate verhoudings met ouers vir stres verantwoordelik is. Die bevindinge van die response word in figuur 4.15 aangebied.


**4.5.2.1 Figuur 4.15.**

Vraag 41: "My ouers straf my".

Analise en interpretasie.

Volgens response op hierdie vraag huldig slegs 5,3% (17 uit 322) van die respondente die standpunt dat straf vir

FIGUUR 4.15 OUER/KIND VERHOUDING



besonder baie stres verantwoordelik is. 48,4% (156 uit 322) ervaar straf op 'n redelike stresvlak terwyl 26,3% (85 uit 322) baie stres ervaar. 19,9% (64 uit 322) het aangetoon dat straf hul glad nie pla nie.

Straf deur 'n ouer is vir die oorgrote meerderheid respondente 'n bron van stres. Volgens figuur 4.3 kan straf wanneer dit met dood of eksamenskryf vergelyk word as 'n beduidende stressor beskou word. Hierdie groep beskou straf moontlik as 'n vernedering (vgl. paragraaf 2.3.4.3).

**4.5.2.2 Figuur 4.15.**

Vraag 42: "Ouers maak rusie".

Analise en interpretasie.

Uit figuur 4.15 blyk dit dat rusie tussen ouers by 36,8% (118 uit 322) van die respondente vir besonder baie stres verantwoordelik is, terwyl 28,0% (90 uit 322) baie stres en 19,9% (64 uit 322) 'n redelike mate van stres ervaar. 11,5% (37 uit 322) van die respondente het aangetoon dat dit nie vir stres verantwoordelik is nie.

Volgens die response in figuur 4.15 is rusie tussen geliefde persone vir die meeste respondente vir stres verantwoordelik. Wanneer die tellings van al drie die stresvlakke in berekening gebring word, ervaar 84,7 (272 uit 322) stres. Rusie kan as 'n beduidende stressor aanvaar word indien dit met blindheid of verlamming vergelyk word (vgl. figuur 4.3).

**4.5.2.3 Figuur 4.15.**

Vraag 43: "Indien my ouers sou besluit om te skei".

Analise en interpretasie.

Uit die inventarisresponse blyk dit dat egskeiding vir 56,2% (181 uit 322) respondente vir besonder baie stres verant-

woordelik is. 20,5% (66 uit 322) van die respondente ervaar egskeiding baie stresvol en 11,8% (38 uit 322) ervaar redelik stres. 11,5% (37 uit 322) het aangetoon dat egskeiding geen stres veroorsaak.

Na aanleiding van figuur 4.15 kan die volgende afleidings gemaak word:

Egskeiding is vir die meeste respondente, naamlik 88,5% stresvol (vgl. figuur 4.3), terwyl 84,7% aangedui het dat rusie stres veroorsaak. Daar is dus 'n korrelasie tussen rusie en egskeiding wat laasgenoemde meer betekenisvol maak vir die pre-adolessent. Vir die st 5-leerling dui egskeiding op verwerping en 'n situasie waarin 'n swak selfbeeld ontwikkel word. Egskeiding veroorsaak 'n warboel van emosies wat onhanteerbaar raak (Berger,1979:23).

**4.5.2.4 Figuur 4.15.**

Vraag 48: "Indien my pa of ma weer trou".

Analise en interpretasie.

Uit 'n ontleding van die response blyk dit dat die weer trou van 'n ouer vir 29,6% (95 uit 322) van die respondente vir besonder baie stres verantwoordelik is, terwyl dit vir 17,1% (55 uit 322) respondente baie en 21,8% (70 uit 322) 'n redelike mate van stres tot gevolg het. 31,5% (101 uit 322) is van mening dat die gebeurtenis geen invloed op hulle sal hê nie.

Na aanleiding van die response in figuur 4.15 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die weer trou van 'n ouer sal by bykans 'n derde van die respondente geen stres veroorsaak nie. Die moontlike rede hiervoor: die respondente het hierdie situasie alreeds beleef en dit nie so onaangenaam gevind nie. Die respondente vind dit moeilik om hulle in die situasie in te dink. Dit

is ook moontlik dat egskeiding vir hulle nie 'n werklikheid is nie.

Wanneer die tellings van al drie die stresvlakke in berekening gebring word, beleef twee derdes van die respondente stres (vgl. figuur 4.3). Hierdie groepe besef die implikasie van weer trou, soos moontlike verwerping, aanpassing en inpassing wat dan moet plaasvind (vgl. paragraaf 2.3.3.3).

**4.5.2.5 Figuur 4.15.**

Vraag 49: "dat my liggaamlike veranderinge nie bespreek word nie".


Analise en interpretasie.

13,7% (44 uit 322) van die respondente het aangetoon dat liggaamlike veranderinge wat nie bespreek word nie vir besonder baie stres verantwoordelik is, terwyl 24,9% (80 uit 322) baie en 37,1% (119 uit 322) 'n redelike mate van stres ervaar. 24,3% (78 uit 322) ervaar geen stres nie.

Na aanleiding van die response in figuur 4.15 kan die volgende afleidings gemaak word:

Liggaamlike veranderinge wat nie bespreek word nie, is vir 'n driekwart van die respondente 'n stresvolle situasie. Dit kan die gevolg van swak gesinsverhouding wees. Die pre-adolessente het nie die vrymoedigheid om persoonlike sake te bespreek nie. Die pre-adolessent ervaar behoeftes en drange wat hy self nie kan begryp nie (vgl. paragraaf 1.2). By die groep bestaan moontlike kommunikasieprobleme. Wanneer die tellings op al drie stresvlakke in berekening gebring word, kan dit as 'n beduidende getal aanvaar word dat liggaamlike veranderinge tydens pre-adolessensie 'n stressor is.

# FIGUUR 4.16 SIEKTE



#### 4.5.2.6 Samevattende gevolgtrekking.

Die voorafgaande vrae handel oor gesinsverhoudinge. Uit figuur 4.15 kan die afleiding gemaak word dat die oorgrote meerderheid van die ondersoekgroep aangedui het dat die verhouding tussen ouer-en-kind nie na wense is nie. Daar is geen kommunikasiekanale oop tussen kind en ouer van dieselfde geslag nie. Goeie kommunikasie is nodig vir goeie gesinsverhoudinge en dit is volgens die meerderheid van die ondersoekgroep nie teenwoordig nie.

### 4.5.3 Siekte.

Vrae 44 en 46 is in die inventaris opgeneem om by die respondente vas te stel in welke mate siekte in die huis vir stres verantwoordelik is. Die bevindinge op die twee vrae word in figuur 4.16 aangebied.

#### 4.5.3.1 Figuur 4.16.

Vraag 44: "Siekte in die huis".

Analise en interpretasie.

Uit figuur 4.16 blyk dit dat siekte in die huis vir 37,0% (119 uit 322) van die respondente vir besonder baie stres verantwoordelik is. Op die redelike stresvlak het 37,0% (119 uit 322) van die response gereageer. Net 8,4% (27 uit 322) het aangetoon dat siekte geen invloed uitoefen nie, terwyl 17,7% (57 uit 322) besonder baie stres ervaar.

Na aanleiding van figuur 4.16 kan die volgende afleidings gemaak word:

Dit is interessant om daarop te let dat die telling van al drie stresvlakke by vraag 44 bykans ooreenstem met die tellings van vrae 38, 39 en 40. (Sien tabel 4.5). Dit is duidelik dat die ondersoekgroep besef wat die gevolge van siekte is. Die meeste respondente besef siekte kan veranderinge, onsekerheid en selfs die dood tot gevolg hê (vgl. paragraaf 2.3.4.2). Siekte is 'n beduidende stressor indien die 37,0% besonder baie stres met die 8,4% van geen stres vergelyk word. Die ondersoek verteenwoordig die deursnee st 5-leerling.

**4.5.3.2 Figuur 4.16.**

Vraag 46: "'n Ouer moet hospitaal toe gaan".

Analise en interpretasie.


Respondente het soos volg gereageer. 32,4% (104 uit 322) beleef met die hospitalisasie van 'n ouer besonder baie stres, 34,6% (11 uit 322) baie en 25,5% (82 uit 322) beleef dit in 'n redelike mate. Slegs 7,5% (24 uit 322) ervaar geen stres nie.

Na aanleiding van figuur 4.16 kan die volgende afleidings gemaak word:

Hospitalisasie van 'n ouer is vir die hele ondersoekgroep (92,5%) netso stresvol as wat siekte in die huis vir stres verantwoordelik is (91,6%) (vgl. figuur 4.3). Die meeste respondente beskik moontlik nie oor die insig om hierdie drastiese verwydering van 'n geliefde persoon te kan verwerk nie.

Hospitalisasie kan as 'n beduidende stressor beskou word indien die 32,4% wat die besonder baie stres verteenwoordig met die 7,5% wat geen stres ervaar vergelyk word.

# FIGUUR 4.17 FINANSIES



#### 4.5.3.3 Samevattende gevolgtrekking.

Die vrae wat handel oor siektes waarmee die pre-adolessent moontlik te doen kry het interessante bevindinge opgelewer. Uit figuur 4.16 is siekte en hospitalisasie vir bykans al die respondente 'n bron van stres. Die groep besef moontlik die implikasie van siekte en hospitalisasie in hulle lewe. Die strespresentasie vir siekte en hospitalisasie is bykans dieselfde as die vir die dood. Hieruit kan afgelei word dat siekte 'n beduidende stressor is (vgl. figuur 4.3).

### 4.5.4 Finansies.

In die volgende paragraaf word vrae gestel wat handel oor die finansies binne die huisgesin. Met die vrae is daar vasgestel in welke mate geldprobleme vir stres verantwoordelik is. Die response van vraag 45 en 47 word in figuur 4.17 aangebied.

#### 4.5.4.1 Figuur 4.17.

Vraag 45: "Daar is nie genoeg geld nie".

Analise en interprestasie.

Uit 'n ontleding van die response blyk dit dat 23,1% (74 uit 322) van die respondente aangedui het dat geld vir besonder baie stres verantwoordelik is, terwyl dit vir 31,8% (102 uit 322) baie en vir 29,3% (94 uit 322) redelike stres veroorsaak. Vir 15,9% (51 uit 322) het geld geen betekenis.

Na aanleiding van figuur 4.17 kan die volgende afleidings gemaak word:

Dat daar nie genoeg geld is nie, is vir die meeste respondente 'n stresfaktor. Bykans 'n derde van die ondersoekgroep het aangetoon dat geld baie stres veroorsaak. Hieruit kan dus afgelei word dat finansiële voorspoed vir die pre-adolessent belangrik is. Hulle beskou geld as 'n magsmiddel tot iets (vgl. par. 2.3.4.3).

Die respondente vir wie geld nie belangrik is nie, handhaaf waarskynlik 'n sosio-ekonomiese status waar geld nie relevant is nie.

**4.5.4.2 Figuur 4.17.**

Vraag 47: "Kry nie sakgeld nie".

Analise van response.

Volgens response het 50,3% (162 uit 322) respondente aangetoon dat sakgeld geen stres veroorsaak nie, terwyl 30,7% (99 uit 322) redelike en 11,2% (26 uit 322) baie en 7,8% (25 uit 322) besonder baie stres ervaar.

Na aanleiding van die response in figuur 4.17 kan die volgende afleidings gemaak word:

Dit is interessant dat die grootste getal respondente aangetoon het dat om nie sakgeld te kry nie, vir hulle geen probleme veroorsaak nie. 'n Moontlike verklaring vir hierdie bevindinge is:

* Die respondente kry geld net wanneer hulle daarna vra.

* Respondente weet nie wat sakgeld beteken en wat dit vir hul as persoon kan inhou nie. In die moderne gesinsopset waar beide ouers 'n beroep volg is geld en luuksheid 'n alledaagse verskynsel (vgl. paragraaf 2.3.4).

* Vir die groep vir wie sakgeld stres tot gevolg het beteken dit waarskynlik 'n gemis en 'n behoefte aan sakgeld.

**4.5.4.3 Samevattende gevolgtrekking.**

Vrae 45 en 47 handel oor beskikbare geld binne die gesin. Dit is interessant dat waar die gesin nie oor voldoende fondse beskik die baie stres ervaar dieselfde is as waar daar nie voldoende sakgeld is nie. Sakgeld is vir die pre-adolessent nie 'n definitiewe stessor soos te min geld in die huis nie.

## 4.6 Stresfaktore volgens rangorde.

In tabel 4.2 word die 44 stresfaktore volgens rangorde voorgestel.

4.6.1 Tabel 4.2.

| No | Faktore | % | Rang-orde |
|---|---|---|---|
| 1 | Die dood van 'n ouer. | 99 | 317 |
| 2 | Die dood van 'n broer of suster. | 97 | 313 |
| 3 | Punte op die rapport nie na wense. | 97 | 313 |
| 4 | Gedagte aan die dood. | 95 | 307 |
| 5 | Om 'n toets of eksamen te skryf. | 94 | 305 |
| 6 | Oorlog: terrorisme, bomontploffing. | 94 | 302 |
| 7 | Vaar akademies nie goed nie. | 93 | 300 |
| 8 | Hospitalisasie van 'n ouer. | 92 | 297 |
| 9 | Om verlam te word. | 92 | 297 |
| 10 | Siekte in die huis. | 91 | 295 |
| 11 | Om blind te word. | 90 | 291 |
| 12 | Indien ouers sou skei. | 89 | 285 |
| 13 | Die vakke vir st 6. | 88 | 282 |
| 14 | Om te misluk. | 88 | 282 |
| 15 | Nie genoeg kan leer nie. | 87 | 280 |
| 16 | St 5 moontlik sal druip. | 87 | 280 |
| 17 | Ouers maak rusie. | 85 | 272 |
| 18 | 'n Toets of eksamen te druip. | 85 | 272 |
| 19 | Daar is nie genoeg geld nie. | 84 | 270 |
| 20 | Nie sal weet wat om te doen nie. | 83 | 269 |
| 21 | Onbekende dinge (nag; toekoms). | 81 | 263 |
| 22 | Ouers se straf. | 80 | 258 |
| 23 | Onderwyser skree. | 80 | 258 |
| 24 | Die gedagte aan 'n onderwyser. | 78 | 253 |
| 25 | Nie goed genoeg kan praat nie. | 78 | 253 |
| 26 | By 'n nuwe skool te begin. | 78 | 253 |
| 27 | Voorkoms. | 78 | 253 |
| 28 | Ouers kies vir my. | 78 | 253 |
| 29 | Opmerkings van die onderwyser. | 77 | 251 |
| 30 | Onderwyser straf my. | 77 | 248 |
| 31 | Liggaamlike veranderinge word nie bespreek. | 76 | 243 |
| 32 | Nie genoeg kan lees nie. | 71 | 230 |
| 33 | Die bespotting van die klas. | 71 | 230 |
| 34 | Eensaamheid. | 70 | 228 |
| 35 | Word nie deur maats aanvaar nie. | 70 | 226 |
| 36 | Pa of ma trou weer. | 69 | 220 |
| 37 | Huiswerk. | 68 | 219 |
| 38 | Word nie vir 'n span gekies nie. | 67 | 216 |
| 39 | Blink nie uit in sport nie. | 64 | 207 |
| 40 | Kies van 'n hoërskool. | 64 | 207 |
| 41 | Om te verloor. | 57 | 182 |
| 42 | 'n Nuwe onderwyser. | 57 | 182 |
| 43 | Ander kinders word voorgetrek. | 54 | 172 |
| 44 | Kry nie sakgeld nie. | 50 | 161 |

#### 4.6.1.1 Interpretasie.

Dit is interessant om daarop te let dat faktore wat direk met die gesin verband hou soos siekte en dood van 'n geliefde asook skolastiese prestasie en geweld in die land onder die eerste tien vernaamste stressors aangetref word.

Die feit dat die hertrou van 'n ouer slegs 35 ste op die rangorde is kan daaraan toegeskryf word dat die meeste van die respondente in gelukkige ouershuis woon waar egskeiding nie in realiteit is nie. Daar moet egter daarmee rekening gehou word dat al die faktore hoe gering ook al, wel vir stres by die ondersoekgroep verantwoordelik was en dat dit slegs in intensiteit verskil.

## 4.7 Samevatting.

In hierdie hoofstuk is die inventarisresponse met betrekking tot verskillende aspekte van stres by die st 5-leerling bespreek.

In hoofstuk 5 word die teoretiese en empiriese gegewens saamgevat en gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

# HOOFSTUK 5

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.

### 5.1 Inleiding.

Ten einde die voorkoms van stres by 'n groep st 5-leerlinge te bepaal, was dit eerstens nodig om die probleem vanuit die literatuur te bestudeer. In die tweede plek is gepoog om empiries vas te stel in hoe 'n mate stres by die st 5-leerling voorkom.

Nadat die samevatting van die literatuurstudie om empiriese ondersoek aangebied is, sal enkele gevolgtrekkings en bevindings aangebied word. In die lig van beide die literatuurstudie en empiriese ondersoek sal enkele aanbevelings gemaak word.

### 5.2 Probleemstelling.

(Vgl. paragraaf 1.2 )

Verskeie navorsers het bevind dat verskillende oorsake vir stres by die st 5-leerling verantwoordelik is. Die pre-adolessent, wat die meeste st 5-leerling insluit, is aan liggaamlike, psigiese, religieuse, emosionele en sosiale veranderinge onderworpe. Vir baie van die leerlinge verloop die veranderinge nie stresvry nie. Die manifestasie van stres is uiteenlopend van aard en hang van persoonlikheid, omstandighede en intensiteit af.

Stres is 'n intergrale deel van die kind se lewe en hy moet eerder leer om dit te hanteer as om dit te probeer vermy.

## 5.3 Doel van die ondersoek.

(Vgl. paragraaf 1.3)

Die doel van hierdie ondersoek was om die voorkoms van stres by 'n groep st 5-leerlinge te bepaal.

## 5.4 Metode van ondersoek.

(Vgl. paragraaf 1.4)

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek. Met die literatuurstudie is die begrip stres, die oorsake en manifestasie daarvan deurskou. Die empiriese ondersoek het die ontwikkeling van 'n stresinventaris behels. Die stresinventaris moes deur die ondersoekgroep ingevul word.

## 5.5 Die voorkoms van stres by die st 5-leerling.

(Vgl. hoofstuk 2)

Daar is in hierdie navorsing gepoog om die voorkoms van stres by 'n groep st 5-leerlinge te bepaal. In hoofstuk 2 is die oorsake en manifestasie van stres bespreek. Daar is bevind dat verskeie navorsers toenemende aandag aan die voorkoms van stres by die pre-adolessent, veral die st

5-leerling gee. Die bevinding was dat baie faktore in die st 5-leerling se lewe vir stres verantwoordelik is. Situasies of gebeurtenisse wat oënskynlik positief en aangenaam blyk te wees kan stres by die kind veroorsaak. Nie teenstaande is stres 'n noodsaaklike deel van die mens se daaglikse bestaan. Dit beïnvloed die affek van elke individu op 'n persoonlike wyse. Dit wat by die een persoon stres veroorsaak, is vir die volgende persoon onbelangrik. Slegs deur die dood is die mens van stres ontslae. Daar is bevind dat die persoonlikheids-,psigologiese-, omgewings- en skoolfaktore ondermeer as oorsake van stres beskou kan word. Stresreaksies word in die volgende simptome gemanifesteer: Fisiese simptome soos slaaploosheid, enurese, eetstoornisse, konstante moegheid en hoofpyn. Emosionele simptome soos angs, kners van tande, frustrasie, depressie, hakkel en senuweeagtigheid. Psigo-sosiale simptome soos aggressiewe gedrag, besluitloosheid, stokkiesdraai en skoolfobie. Psigologiese simptome soos vrese, onvermoë om te konsentreer en gedrag.

Daar is bevind dat oorbeplanning, hiperdenke, oorbetrokkenheid, die behoefte aan erkenning en die wenmotief van die algemeenste gedragsmanifestasie is wat in die skoolsituasie voorkom.

## 5.6 Beskrywing van die meetinstrumente.

(Vgl. hoofstuk 3)

In hoofstuk drie is die navorsingsontwerp bespreek. Die stresinventaris as meetinstrument is hier onder die loep geneem. Die samestelling van die inventaris is bespreek. Die finale stresinventaris het uit 49 items wat in biografiese gegewens, skool-, persoonlike- en huislike faktore ingedeel is, bestaan. Die trossteekproefneming is toegepas waarvan die steekproefgrootte 40% van die st 5-populasie in die

Vaaldriehoek verteenwoordig. 'n 100% terugontvangste is verseker deurdat die ondersoeker persoonlik die inventarisse by die skole laat invul het.

## 5.7 Resultate van die ondersoek.

(Vgl. hoofstuk 4)

Die inventarisresponse is deur middel van die SAS en BMDP-program by die Vaaldriehoekse statistiese konsultasiedienste van PU vir CHO geanaliseer en frekwensietellings is bereken. Elke vraag is bespreek en die nodige afleidings is gemaak.

Data in tabel 4.1 voorsien die navorser van 'n profiel van die ondersoekgroep wat die stresinventaris ingevul het. Die gemiddelde st 5-leerling is tussen 12 en 13 jaar oud, het broers en susters, woon by albei ouers waar beide ouers 'n voltydse beroep beoefen. Volgens die ouderdom van die tipiese st 5-leerling kan daar dus na die pre-adolessent verwys word.

Volgens figuur 4.1 is eksamenskryf, druiping, leerprobleme, swak prestasie en st 6-vakke die skoolfaktore wat vir die meeste stres verantwoordelik is. 94,4% (303 uit 322) van die respondente het aangetoon dat eksamenskryf en druiping 'n bron van stres is. Dit is interessant om daar op te let dat sportprestasie en om nie in sport uit te blink nie vir minder stres verantwoordelik is.

Na aanleiding van figuur 4.2 het 90,4% (291 uit 322) en 91,9% (296 uit 322) van die respondente onderskeidelik aangetoon dat blindheid en verlamming vir stres verantwoordelik is. Oorlog, terrorisme en bomontploffing is ook 'n hoë stressor. 93,8% (302 uit 322) van die ondersoekgroep ervaar stres.

Figuur 4.3 toon aan dat die dood van 'n geliefde dié faktor is wat by die meeste respondente vir stres verantwoordelik is. 98,4% (317 uit 322) van die respondente het aangetoon dat dit stresvol is. Siekte, die hospitalisasie van en rusie tussen ouers is faktore wat ook vir baie stres verantwoordelik is. Dit is interessant om daarop te let dat sakgeld nie as 'n beduidende stresfaktor beskou kan word nie, want vir slegs 7,8% (25 uit 322) van die respondente was dit vir besonder baie stres verantwoordelik.

Alhoewel stres by alle response teenwoordig was, het dit uit die empiriese ondersoek geblyk dat die intensiteit van die oorsake van respons tot respons verskil het afhangende van die ouderdom, geslag en gesinsituasie van die respondente. Daar bestaan by die st 5-leerling wat as teikengroep aangewend is 'n beduidende aantal faktore wat vir stres verantwoordelik is.

## 5.8 Gevolgtrekking.

Insiggewende inligting is deur middel van die stresinventarisse ontvang. Die items is volgens rangorde van hoog na laag gerangskik (vgl. tabel 4.3). Ietwat teen die verwagting in het die volgende tien stresfaktore as die grootste bronne van stres vir die ondersoekgroep na vore getree, naamlik: die dood van 'n ouer, broer of suster, die dood self, punte op die rapport, terrorisme, toets- of eksamenskryf, swak prestasie, siekte, blindheid en verlamming. Die bogenoemde faktore raak die respondent direk daarom is dit 'n bron van besonder baie stres.

Bevindinge in hierdie ondersoek stem in 'n groot mate met die navorsingbevindinge wat oorsee gedoen is ooreen.

Volgens die ondersoek is sakgeld die faktor wat die minste stres tot gevolg het. Na aanleiding van die moderne

samelewing het die ondersoeker veronderstel dat sakgeld 'n beduidende stressor sou wees.

Dit is interessant om daarop te let dat om nie in 'n span opgeneem te word nie vir beide seuns en dogters ewe stresvol is. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die groepgebondenheid sterk figureer. Sportprestasie is vir beide geslagte belangrik.

Wat liggaamlike veranderinge en voorkoms betref ervaar beide geslagte stres. Vir die seun is sy liggaamsbou en lengte van belang. Die dogter is meer oor haar figuur en gelaatstrekke bekommerd.

## 5.9 Aanbevelings.

Opgrond van die bevindinge in hierdie ondersoek word die volgende aanbevelings gemaak.

* Die voorligtingsprogram in die primêre en sekondêre skole moet in 'n ruimer mate voorsiening maak vir voorligting aan leerlinge met betrekking tot die hantering van stres en hoe om daarmee saam te leef. Klem moet op die motiveringsaspek daarvan gelê word, omdat stres 'n intergrale deel van die lewe is. Dit verseker dat die kind geleer word om dit tot sy eie voordeel aan te wend.

* Ouers en onderwysers kan by stresvoorkomende projekte en besprekingsgroepe betrek word.

* Skole behoort meer aandag aan die oorskakeling van st 5 na st 6 asook die ontwikkelingstadium waarin die st 5-leerling hom bevind, geskenk word.

## 5.10 Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing.

* Weinig of geen navorsing is oor die begaafde leerling gedoen. 'n Verdere navorsing kan dus bepaal of stresfaktore by begaafde en gemiddelde leerlinge verskil.

* Aangesien die navorsing op die st 5-leerlinge aan Afrikaansmedium laerskole in die Vaaldriehoek gekonsentreer is, behoort verdere navorsing op provinsiale basis onder alle bevolkingsgroepe onderneem te word.

* Navorsing in verband met die rol wat televisie by die identifisering en hantering van stres by die pre-adolessent kan speel is noodsaaklik.

* Daar behoort navorsing gedoen te word oor wat die samelewingsverbande soos die skool, kerk en gesin kan doen om die pre-adolessent ten opsigte van die dood van 'n geliefde op te voed.

* By die opleiding van onderwysers behoort daar voorsiening gemaak te word vir die uitkenning en hantering van stres, aangesien dit al hoe meer by die jonger kinders voorkom.

## 5.11 Ten slotte.

Dit is elke opvoeder se verantwoordelikheid om die kind te ondersteun in die voorkoming en uitskakeling van faktore wat sy geestesgesondheid kan versteur, hom te help in die optimale ontplooiing van al sy moontlikhede en hom te bring tot verantwoordelike, grondige uitvoering van sy lewensroeping. Die onderwysprofesie kan dus nie nalaat om aan die voorkoming en hantering van stres deur middel van goed georganiseerde programme aandag te gee nie.

## BIBLIOGRAFIE.


ADAMS, J., HAYES, J. & HOPSON, B. 1976. Transition understanding & managing personel change. London : Robertson.

ALLEN, D.A. & GREEN, V.P. 1988. Helping cope with stress. Early child development and care, 37 : 1-11, February.

AMBRON, S.R. 1981. Child development. 3rd ed. New York : Winston.

ARNON, J. 1986. Stres : groeiende siekte van ons tyd. Finansies en tegniek, November.

BAMBER, J.H. 1979. The fears of adolescents. London : Academic.

BEHR, A.L. 1979. Why Children learn to fail. Journal faculty of education. University of Durban-Westville, 2(1) : 1-5, September.

BERGER, T. 1979. How does it feel when your parents get divorced?. New York : Messner.

BOSHOFF, B. 1976. Die adolessent : sy ontwikkeling en ontwikkelingstake. Stellenbosch : Universiteit.

BREET, D.J. 1987. Delegering van take deur die skoolhoof as middel tot personeelontwikkeling. Potchefstroom. (Verhandeling (M.Ed.) - PU. vir CHO.).

BRODZINSKY, D.M., CORMLY, A.V. & AMBRON, S.R. 1986. Lifespan human development. 3rd ed. New York : CBS College.

BROPHY, B. 1987. Children under stress. Future survey, 9(3) : 7-8, March.

BURNS, C.W. & BRASSARD, M.R. 1982. A look at the single parent family : implications for the school psychologist. Psychology in the schools, 19(4) : 487-994, October.

CHANDLER, L.A. 1981. The source of stress inventory. Psychology in the schools, 18(2) : 164-168, April.

CHANDLER, L.A. 1982. Children under stress understanding emotional adjustment reactions. Springfield : Thomas Publischer.

CICHON, D.J. & KOFF, R.H. 1976. The teaching events. Stress inventory. Chicago : Roosevelt.

COLDICOTT, P.J. 1985. Organisational causes of stress on the individual teacher. Educational management and Administration, 13 : 90-93.

CRONBACH, L.J. 1960. Essentials of psychological testing. New York : Harper.

D'AURORA, D.L. & FIMIAN, M.J. 1988. Dimensions of life and school stress experienced by young people. Psychology in the schools, 25 : 44-53, January.

DEFFENBACHER, J.L. & DEITZ, S.R. 1978. Effects of test anxiety on performance worry and emotionality in naturally occurring exams. Psychology in the schools, (15(3) : 446-450, July.

DERDEYN, A.P. 1983. Depression in childhood. Child psychiatry and human development, 14(1) 17-29 Fall.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981a. Navorsingsmetode in die opvoedkunde. Pretoria : Butterworth.

DE WET, J.J. & VAN ZYL, P.J. 1973. Inleiding tot die psigologiese opvoedkunde. Potchefstroom : Pro Rege.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K. & VAN DER WESTHUIZEN, G.J. 1981b. Opvoedende leer. Pretoria : Butterworth.

DE WIT, J. & VAN DER VEER, G. 1979. Psychologie van die adolescente. 4de ed. Callenbach : Nijkerk.

DOCKING, R.A.; THORNTON, J.A. 1979. Anxiety, achievement and cognitive incongruity. The Australian Journal of education 23(3) : 250-261, October.

ELKIND, D. 1981. The hurried child : growing up too fast too soon. London : Addison-Wesley.

ELKIND, D. & WEINER, I.B. 1978. Development of the child. New York : Wiley.

ERICKSON, M.T. 1982. Child psychopathology. 2nd ed. New Jersey : Prentice-hall.

ESKRIDGE, D.H. & COKER, D.R. 1985. Teacher stress symptoms causes and management techniques. Cleaning house, 58 : 387-390, May.

FIMIAN, M.J. 1988. The alpha and split-split half reliability of the teacher stress inventory. Psychology in the schools, Vol 25 : 110-117, April.

FOGARTY, T.F. 1975. Coping with stress. Chigaco : Claretian.

GARBARINO, J. 1985. Adolescent development an ecological perspective. Columbus : Bell & Howell.

GARBERS, J.G. 1979. Vroeë skoolverlating in die grootstad. Pretoria : Butterworth.

GEEN, R.C. & DONNERSTEIN, E.I. 1983. Aggression theoretical and empirical reviews. New York : Academic. Vol. 2.

GIRDANO, D.A. & EVERLY, G.S. 1986. Controlling stress and tension a holistic approach. 2nd ed. New Jersey : Prentice Hall.

GOOSEN, O.J. 1983. Die gereedmaking van die st 5-leerlinge vir die hoërskool. Die Unie, 79(9) : 230, Maart.

GOUWS, L.A; LOUW, D.A.; MEYER, W.F. & PLUG, C. 1979. Psigologiewoordeboek. Johannesburg : McCraw-Hill Boekmaatskappy.

GRAVETT, W.H. & BOSHOFF, L. 1979. Die wese van die standerd vyfleerling. Referaat gelewer tydens 'n simposium van die opvoedkundige hulpdiens. Pretoria : T.O.D.

GREENBERG, S.F. 1984. Stress and the teaching profession. London : Brookes.

GREENBERG, S.F. & VALLETUTTI, P.J. 1980. Stress and the helping professions. London : Brookes.

HARRISON, S. 1977. Families in stress a study of the long-term medical treatment of children an parental stress. London : Whitefriars.

HARVEY, R.L. & TAYLOR, G. 1983. Teacher burnout. What the adult : Lifelong learning. The adult years, : 24-25, May.

HERMANS, H.J.M., BERGEN, C.M.E. & EIJSSEN, R.W. 1982. Van faalangst tot verantwoordelikheid. 6de ed. Amsterdam lusse : Swets & Zeitlinger.

HONIG, A.S. 1986. Stress and coping in children part 1. Research on review young children, 41(4) : 50-63, May.

HONIG, A.S. 1986. Stress and coping in children part 2. Research on review young children, 41(5) : 47-59, July.

HOUSTON, J.P., BEE, H. & RIMM, D.C. 1983. Invitation to psychology 2nd ed. New York : Academic.

JOSSELYN, I.M. 1972. The adolescent and his world. New York : Family Service Ass. of America.

KARNES, F.A. & OEHLER-STINNETT, J.J. 1968. Life events as stressors with gifted adolescents. Psychology in the schools, 23(4) : 406-44, October.

KRITZINGER, M.S.B., LABUSCHAGNE, F.J. & Pienaar, P de V 1972. Verklarende afrikaanse woordeboek Pretoria : Van Schaik.

KYRIACOU, C. & SUTCLIFFE, J. 1987. Teacher stress and burnout : and internasional review. Educational research, 29(2) : 146-151.

LE ROUX, A.G. 1968. 'n Inleiding tot die psigopatologie. Pretoria : Van Schaik.

LOUW, D.A., GERDES, L.C. & MEYER, W.F. 1984. Menslike ontwikkeling. Pretoria : Gutenberg.

MARAIS, J.L. 1988. Die onderwyser se aandeel. ouer, kind en huiswerk. Voorligter, 50 (11) : 32-33, Januarie.

MARAIS, J.L. 1987. Waarom huiswerk kan misluk. Voorligter, 51(1) : 32, November.

MARAIS, J.L. 1982. Voorligting in die primêre skool. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Ed.) - PU. vir C.H.O).

MEDEIROS, D.C.; PORTER, B.J. & WELCH, I.D. 1983. Children under stress. how to help with the everyday stresses of childhood. New Jersey : Prentice-Hall.

NORTJÉ, N.Z. 1980. Die beroepskeuse van die jeugdige. Die skolier, : 12-15, Januarie.

PISTORIUS, P. 1971. Kind in ons midde. Johannesburg : Tafelberg-uitgewers.

QUINN, V.N. 1984. Applying psychology. New York : McGraw-hill.

REED, B.D. 1985. Stress - the individual and the system. Educational Management and administration, 13(2) : 82-88.

ROUSE, N.I. 1980. Depression : key to minority under achievement. Kappa Delta Pi Record, 16(4) : 104-106, April.

SANTROCK, J.W. & YUSSEN, S.R. 1984. Children and adolescent. America : Butterworth.

SARASON, I.G. & SARASON, B.R. 1984. Abnormal psychology the problem of maladaptive behavior. 4th ed. New Jersey : Prentice-Hall.

SCHULTZ, E.W. & HEUCHERT, C.M. 1983. Child stress and the school Experience. New York : Human Science.

SELYE, H. 1976. The stress of life. New York : McGraw-hill.

SELYE, M.D. 1974. Stress without distress. New York : Lippincoh.

SHARPE, R. & LEWIS, D. 1977. Thrive on stress. how to make it work to your advantage. London : Clarke Doble & Brendon.

SCHULTZ, E.W. 1980. Teaching coping skills for stress and anxiety. Teaching exeptional children, 13(1) : 12-15.

SMITH, G.J.M. & DANIELSON, A. 1982. Anxiety and defensive strategies in childhood and adolescence. New York : International Universities.

SMITH, L.H. & LEAVITT, J.E. 1979. Nutrition, pressures and discipline. their impact on learning. Curriculum bulletin, XXX III (343) : 1-15, January.

SPIELBERGER, C.D. & SARASON, I.G. 1986. Stress and anxiety - Volume 10, a sourcebook of theory and research. Johannesburg : McGraw-Hill.

STONESTREET, M.P. 1985. Self-efficancy and learned helplessness in depression. (Verhanderling (M.A.) - RAU).

SWART, G.J.J. 1988. Stres in die onderwys. die siekte van ons tyd. hoe raak dit u? 'n lesing gelewer tydens 'n inligtingseminaar RAU.

VAN DAMME, J. 1987. Een succesvol onderzoek. stress op die middelbare school. Pedagogisch tijdskrift, 12(5) : 317-325,

VAN DER BERG, J. 1982. Suksesvolle hantering van stres in die onderwys. Nou-Blad, Pinetown skoolsielkundige sentrum. (19-22).

VAN DER WESTHUIZEN, W.I. 1981. Your feelings and mine. Durban : Butterworths.

VAN NIEKERK, P.A. 1956. Die onderwyser en die kind met probleme. Stellenbosch : Universiteit-uitgewers.

VAN NIEKERK, P.A; VAN DER MERWE, A; OLIVIER, M; COETZEE, R; DU TOIT, P; JACOBS, C. & KRUGEL, S. 1986. Die opvoedkundige : sielkunde 'n Handleiding in die opvoedkundige-sielkunde. Stellenbosch : Universiteit uitgewers.

VARMA, V.P. 1984. Anxiety in children. New York : Methuen.

VENTER, R. 1988. Kan u bybly? Kampus, 31 : 2, April.

WARRICK, D.D. 1981. Managing the stress of organization development. Training and development journal, 37-41, April.

WEINSTEIN, S.H. 1978. Help children cope. Audiovisual instruction, 23 (2) : 26-29, February.

WOLFF, S. 1981. Children under stress. 2nd ed. New York : Penguin.

WRIGHT, H.B. 1975. Executive ease and disease Britain : Grower.

YAMAMOTO, K; SOLIMAN, A; PARSONS, J. & DAVIES, O.L. 1987. Voices in unison : stressful events in the lives of children in six countries. Child psychology, 28(6) : 855-864.

YOUNGMAN, M.B. 1978. Designing and analysing questonaires. Nottingham : University School of Education, (Rediguides 12).

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Navrae:
Enquiries: Dr. D.K. de Jager
Verw.:
Ref.: TOA 9-7-2
Tel.: (012) 324-1660/-70

Provinsiale Gebou
Provincial Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
Pretoria 0001

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
ONDERWYSNAVORSING
EDUCATION RESEARCH
1988-07-21
PRIVAATSAK X76 P/BAG
PRETORIA
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Mnr. J.V.L. Kurten
Onderwyshulpsentrum: Vanderbijlpark/Vereeniging
Posbus X037
VEREENIGING
1930

Geagte mnr. Kurten

VRAELYS AAN STANDERD VYF-LEERLINGE OOR DIE VOORKOMS VAN STRES

U skrywe, ongedateer, asook u besoek aan die Buro vir Onderwysnavorsing, op 1988-07-11, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen toestemming aan u om die voorgelegde vraelys, met die nodige wysigings, deur ongeveer 330 st. 5-leerlinge van 11 Afrikaansmedium primêre skole in die Vaaldriehoek te laat invul. Hierdie vraelys moet tydens u normale werksaamhede met hierdie leerlinge ingeskakel word.

Die goedkeuring is aan die volgende voorwaardes onderworpe:

. U moet self die samewerking van die betrokke skoolhoofde verkry.

. U moet hierdie brief aan die hoofde toon as bewys dat u die Departement se toestemming verkry het om die ondersoek uit te voer, maar u mag nie die brief gebruik om die samewerking van hoofde af te dwing nie.



Rig korrespondensie aan die Direkteur: Transvaalse Onderwysdepartement en meld verwysingsnommer
Address correspondence to the Director: Transvaal Education Department and quote reference number

TRANSOND/TRANSED
FAX: (012) 2014326

- Die name van skole, skoolhoofde, onderwysers, leerlinge en die TOD mag nie in u verhandeling vermeld word nie.

- Na voltooiing van u verhandeling moet u die Departement asseblief van 'n kopie daarvan voorsien.

Sterkte met u studie.

Namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS

# INSTRUKSIES

1. Beantwoord asseblief die inventaris deur 'n duidelike kring om die syfer in die blokkie teenoor die antwoord wat van toepassing is, te trek.

**VOORBEELD**

**Geniet jy dit om saam met jou ouers vakansie te hou ?**

| **JA** | **NEE** |
|---|---|
| **1** | **2** |

**Deur 'n kring om die syfer een te trek, dui jy aan dat "JA" die toepaslike antwoord op die vraag is.**

2. Die kodenommers aan die regterkant van die bladsy is slegs vir rekenaargebruik.

3. Die inligting sal as vertroulik beskou word en slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik word.

[1-3]

# STRESINVENTARIS : STANDERD VYF-LEERLINGE

**Persoonlike besonderhede**

1. Dui jou geslag aan

| | | |
|---|---|---|
| Seun | 1 | [4] |
| Dogter | 2 | [5] |

2. Jou ouderdom

| | | |
|---|---|---|
| 11 jaar | 1 | [6] |
| 12 jaar | 2 | [7] |
| 13 jaar | 3 | [8] |
| 14 jaar | 4 | [9] |
| 15 jaar | 5 | [10] |
| ouer | 6 | [11] |

3. Jou posisie in die gesin

| | | |
|---|---|---|
| enigste kind | 1 | [12] |
| oudste kind | 2 | [13] |
| jongste kind | 3 | [14] |
| ander | 4 | [15] |

4. By wie woon jy ?

| | | |
|---|---|---|
| albei ouers | 1 | [16] |
| slegs moeder | 2 | [17] |
| slegs vader | 3 | [18] |
| ander | 4 | [19] |

5. Dui die werksituasie van jou ouers aan

| | JA | NEE | |
|---|---|---|---|
| Werk jou vader | 1 | 2 | [20] |
| Werk jou moeder | 1 | 2 | [21] |

Dui aan 'n hoe 'n mate die volgende gebeurtenisse of situasie jou beinvloed.

**Faktore in die skool**

| | Besonder baie | Baie | Redelik | Geen | |
|---|---|---|---|---|---|
| 6. Om 'n toets of eksamen te skryf | 1 | 2 | 3 | 4 | [22] |
| 7. Dat jy 'n toets of eksamen sal druip | 1 | 2 | 3 | 4 | [23] |
| 8. Dat jy st.5 moontlik sal druip | 1 | 2 | 3 | 4 | [24] |
| 9. Punte op jou rapport nie na wense | 1 | 2 | 3 | 4 | [25] |
| 10. Dat jy deur die onderwyser gestraf sal word | 1 | 2 | 3 | 4 | [26] |
| 11. Die gedagte aan huiswerk | 1 | 2 | 3 | 4 | [27] |
| 12. Onderwysers se opmerkings pla jou | 1 | 2 | 3 | 4 | [28] |
| 13. Dat die onderwyser op jou sal skree | 1 | 2 | 3 | 4 | [29] |
| 14. Die bepotting van die klas sal wees | 1 | 2 | 3 | 4 | [30] |
| 15. Die gedagte aan 'n sekere onderwyser | 1 | 2 | 3 | 4 | [31] |
| 16. Dat jy by 'n nuwe skool moet begin | 1 | 2 | 3 | 4 | [32] |
| 17. Die vakke vir st.6 | 1 | 2 | 3 | 4 | [33] |
| 18. Die kies van 'n hoërskool | 1 | 2 | 3 | 4 | [34] |
| 19. Vaar akademies nie goed genoeg nie | 1 | 2 | 3 | 4 | [35] |
| 20. Die nuwe onderwyser | 1 | 2 | 3 | 4 | [36] |
| 21. Dat ander kinders voorgetrek word | 1 | 2 | 3 | 4 | [37] |
| 22. Dat jy nie goed genoeg kan lees nie | 1 | 2 | 3 | 4 | [38] |

| | Besonder baie | Baie | Redelik | Geen | |
|---|---|---|---|---|---|
| 23. Dat jy nie goed genoeg kan leer nie | 1 | 2 | 3 | 4 | [39] |
| 24. Dat jy nie goed genoeg kan praat voor ander nie | 1 | 2 | 3 | 4 | [40] |
| 25. Dat jy nie vir 'n span gekies sal word nie | 1 | 2 | 3 | 4 | [41] |
| 26. Dat jy nie in sport sal uitblink nie | 1 | 2 | 3 | 4 | [42] |
| 27. Die idee van verloor | 1 | 2 | 3 | 4 | [43] |

**Persoonlike faktore**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 28. Jou voorkoms [Jy word vet, puisies maer] | 1 | 2 | 3 | 4 | [44] |
| 29. Die onbekende, soos die toekoms, nag | 1 | 2 | 3 | 4 | [45] |
| 30. Dat jy nie sal weet wat om te doen nie | 1 | 2 | 3 | 4 | [46] |
| 31. Oorlog; terrorisme; bomontploffing | 1 | 2 | 3 | 4 | [47] |
| 32. Die gedagte van mislukking | 1 | 2 | 3 | 4 | [48] |
| 33. Eensaamheid | 1 | 2 | 3 | 4 | [49] |
| 34. Word nie deur jou maats aanvaar nie | 1 | 2 | 3 | 4 | [50] |
| 35. Om blind te word | 1 | 2 | 3 | 4 | [51] |
| 36. Om verlam te word | 1 | 2 | 3 | 4 | [52] |
| 37. Dat jou ouers vir jou 'n keuse sal maak | 1 | 2 | 3 | 4 | [53] |

**Huislike faktore**

| | Besonder baie | Baie | Redelik | Geen | |
|---|---|---|---|---|---|
| 38. Die dood van 'n ouer | 1 | 2 | 3 | 4 | [54] |
| 39. Die dood van 'n broer of suster | 1 | 2 | 3 | 4 | [55] |
| 40. Die gedagte aan die dood | 1 | 2 | 3 | 4 | [56] |
| 41. Jou ouers straf jou | 1 | 2 | 3 | 4 | [57] |
| 42. Ouers baklei met mekaar | 1 | 2 | 3 | 4 | [58] |
| 43. Ouers skei | 1 | 2 | 3 | 4 | [59] |
| 44. Siekte in die huis | 1 | 2 | 3 | 4 | [60] |
| 45. Daar is nie genoeg geld nie | 1 | 2 | 3 | 4 | [61] |
| 46. 'n Ouer moet hospitaal toe gaan | 1 | 2 | 3 | 4 | [62] |
| 47. Kry nie sakgeld nie | 1 | 2 | 3 | 4 | [63] |
| 48. Jou pa of ma trou weer | 1 | 2 | 3 | 4 | [64] |
| 49. Dat jou liggaamlike veranderinge nie bespreek word nie. | 1 | 2 | 3 | 4 | [65] |

Geagte Meneer

**STRESINVENTARIS OOR VOORKOMS VAN STRES BY DIE ST.5-LEERLING.**

Hiermee vra ek u vriendelike samewerking en toestemming om die stresinventaris deur die st.5-leerlinge van u skool in te vul. Die afneem van die vraelys sal persoonlik deur myself waargeneem word en behoort nie langer as 15 minute te duur nie. Die doel met die vraelys is om inligting oor die voorkoms van stres by die st.5-leerling in te samel.

Alle inligting sal as vertroulik beskou word. Geen name van skole en leerlinge sal op enige stadium verstrek word nie.

U samewerking sal op prys gestel word.


By voorbaat dankie

Die uwe


---------------

J.V.L. KURTEN

# FIGUUR 4.1 SKOOLFAKTORE



# FIGUUR 4.2 PERSOONLIKE FAKTORE




Bylaag 5

# FIGUUR 4.3 HUISLIKE FAKTORE

